




B
r
a
u
n
v
i
e
h
SA





Journey
completed!

Christopher Havenga



Theodore

He is a well balanced bull with excellent design, extra length & exceptional muscling. Quite simply, he's "One of a kind".



Buchan

A true champion, Buchan combines performance, correctness of structure & extreme muscling. A true stud bull.

Treasure Map
Home of champions!

Begin
journey

Exclusive polled genetics available



Achieves: - 5 National Champion Bulls - 1994, 1997, 2000, 2006, 2009
- 2 International Champion Bulls - 2009 / 2010
- 3 times winner of LNR Special Performance Test Class
- 1 international Grand Champion Cow 2009



In pursuit of breeding the best...
you need to use the best



www.cdhcattle.co.za; christopher@cdhcattle.co.za;
Tel: 082 8211 527; Kloofsig; Petrusville (Northern Cape)

inhoudsopgawe

Raad	2	Uit die boer se mond...	48
Voorwoord	5	Moederlyn	49
Redakteursbrief	7	Kruisteling	50
Bouvorm handleiding	8	Boeredae	57
Brandmerk	9	Teelbulle	59
Tegnologie word ingespan...	12	2012 Landbou	64
Sweetdruppels op die grondpad	20	Seleksie & Bestuur	66
Skoue...	22	Om 'n boer se vrou te wees	72
Positief in die landbou	25	Langtermyn weervoorsigte	74
Teelwaardes - Hoe om dit te verstaan en gebruik	26	Ledelys	76
Vleissentraal LNR interrass prestasieklastoets	38	Namibia: Namibia Braunvieh	80
Braunvieh presteer goed...	41	Min Telers het baie planne	82
Kontemporêre groepe...	44	Kruisteling in Namibië	83
		Wat is in 'n lek?	84



PRODUKSIE VAN HIERDIE 2012 PUBLIKASIE: Resolusi Ontwerp; Lollie Botha; 082 787 1051; lol_viljoen@hotmail.com; Bloemfontein.



Cois Harman
(President)



Christopher Havenga
(Vise-President)



Piet de Villiers
(Ere-Lewenslange
Vise-President)



Kobus Bezuidenhout
(Raadslid)

BRAUNVIEH SA...



A D V E R T E E R D E R S

AC Cattle co Sonneskyn	17	Jaborn Braunvieh	35
Alphine Braunvieh Stud	10	Manyedi Braunvieh	47
Anandie Braunvieh	85	Molatek	18
Aurora Braunvieh	81	Mothoagae Braunvieh Stud	58
Barry Steyn Braunvieh's	33	Noordkaap Lewendehawe	32
Beaulieu Braunvieh Stoet	6	Okatjerute Braunvieh	89
Berglandkoepel Stoet	24	PDW Ranch Braunvieh	90
Bezuidenhout Broers	15	Ratshikana Braunvieh Stud	68
Bosduiwekop Braunvieh Stoet	54	Rossouw's Braunvieh Stoet	29
Christopher Havenga	1	Shalom Braunvieh Stoet	19
Dairy-Smid	42	Standard Bank	60,77
Delkoms Braunvieh Stoet	87	Unistel Dieredienste	56
Die Rante Braunvieh	88	Uzziah Braunvieh	31
Dreyer Braunvieh	43	Vaaidu Stoet	61
Eduan Braunvieh	34	Veekos	78
Els Braunvieh	29	Vleissentraal	65
Finial Braunvieh Stud	36	Witbek Braunvieh Stoet	71
Harman Braunvieh Stud/Stoetery	4	Zili Braunvieh Stud	11
Harry Marks Braunvieh Stoet	37		

Braunvieh SA; S.A. Stamboek Gebou; 118 Henry straat; Bloemfontein; 9301. Tel: 051 410 0967;
Fax: 051 448 4220; epos: christa@studbook.co.za; Posadres: Posbus 7864; Bloemfontein; 9300



Hans Bester
(Raadslid)



Pieter de Villiers
(Raadslid)



Christa Langner
(Sekretaresse)

raad

HARMAN BRAUNVIEH

STUD | STOETERY



Cois Harman

Cell: 083 265 6210

Fax: 086 573 6219

PO Box 316, Zeerust, 2865

Email: cois@harman.co.za

Web: www.harman.co.za

**The Braunvieh stud
where positive blup values
are the key to success.**

Visit our website for more info

President

'n Stoetboer boer met die diere soos beeste, skape, bokke, perde ens wat hy/sy van hou. Die dier moet vir hom/haar mooi wees. Hy/sy moet kan assosieer, identifiseer en bloot lief wees vir daardie dier. Dieselfde basiese beginsel geld steeds hoewel die ekonomiese kragte en magte vandag impakteer op die volhoubaarheid van elke tipe boerdery. As die boer nie geld maak met sy boerderybedryf nie, bring die ekonomiese kragte dood eenvoudig die voortgang van daardie bepaalde boer se boerdery tot stilstand.

Wat maak die Braunvieh dan spesiaal dat daar met die Bruinbees ekonomies en volhoubaar progressief winsgewend geboer kan word? Wat bied die Braunvieh vir sy eienaar wat ander beesrasse nie kan bied nie. Wat maak die ras uniek dat 'n boer juis 'n Braunvieh moet kies om ekonomies te kan boer? Het die Braunvieh oortyd reeds bewys gelewer dat die ras beter presteer het as ander beesrasse?

Die Braunvieh is een van die oudste suiwer beesrasse in die wêreld. Rekords van die beesras dateer sover terug as 800 voor Christus. Die Braunvieh is juis na al die ander wêreld lande uitgevoer met die doel om 'n positiewe impak in die ontwikkeling van die meer as 60 lande se beeskuddes te maak. Vir dieselfde doel het die Suid-Afrikaanse regering in 1907 die Braunvieh na Suid-Afrika ingevoer om die inheemse rasse te verbeter. Die besonderse eienskappe van die "Originele Braunvieh" het hulle onderskei dat hulle met enige beesras waarmee hulle gekruis word, 'n merkbare verbetering tot gevolg het van veral die vinnige groei, goeie bespieroing en bouwvorm wat die nageslag vertoon.

Die Braunvieh is 'n dubbeldoel beesras. D.w.s. die Braunvieh kompeteer met die vleisbeeste vir vleisproduksie en lewer bonus melk. Melk wat vir die kalf kan sorg asook genoeg om in 'n melkery 'n verdere inkomste te genereer. Dit is seker die beesras waar die moeders gemelk kan word en die kalwers steeds baie gewild is en uitstekende pryse in die veilingskraal kan behaal. Dit is die een beesras wat met groot sukses van die veld af gemelk kan word.

Prestasie toetsing is ook niks nuuts nie. Daar is al vir meer as 850 jaar prestasie toetsing in hierdie ras gedoen en dokumentasie bestaan sedert 1150 n.C. by die Muri Monnikelooster waar rekords gehou is van Braunvieh beeste se prestasie. Daardie rekords is goed gedokumenteer en besonder nougeset uitgevoer volgens 'n duidelike sisteem van prestasie van die ras deur toegewyde Monnike. Die Switsers wou vleis ekonomies produseer en om die doel te bereik het hulle 'n bees gesoek wat dit op die liggaam vertoon. Hulle het gesoek na 'n vinnig groeiende, vroeg ryp, goed gebalanseerde dier met diepte en 'n lang lyf met goed ontwikkelde bespieroing, goeie marmering en nie uitermatige vet nie. Dit is juis by die Braunvieh waar hierdie tipe eienskappe en gewig in harmonie was. Sedert

die begin is daar gestreef na die ideale bees en so 'n bees het 100 punte gekry, maar wanneer 'n bees egter minder as 80 bepunte is, is so 'n bees nie in die teelprogram verder gebruik nie en moes sulke diere geslag word.

Die Braunvieh het ook bewys gelewer dat die ras meer as enige ander beesras in Suid-Afrika die Fase C prestasie toetsklas gewen het oor 'n periode van 30 jaar.

Die Braunvieh het hom ook reeds onderskei as 'n ras wat hoë BLUP waardes het, wat 'n aanduiding is van die positiewe voorspelbaarheid van 'n dier se nageslag.

Die pad vorentoe vir die Braunvieh SA stoetteler, is reeds gelê deur die voorgangers wat hierdie beesras oor die eeue suiwer gehou het en Braunvieh geselekteer het op grond van prestasie en die goeie bouwvorm en al die besondere eienskappe wat die beesras so uniek maak. Om op hierdie pad volhoubaar te vorder sal elke ernstige stoetteler gereeld moet meet en weeg en baie goed moet rekord hou en streng moet selekteer en nie sentimenteel raak oor 'n koei wat nie presteer nie. Slegs top geselekteerde bulle met bogemiddelde syfers wat die toets geslaag het en die "branding" van die Braunvieh dra, moet as teelbulle gebruik word.

Baie dankie aan al ons lede wat mooi saam werk om hierdie ras uit te bou deur harde en toegewyde werk en hul liefde vir die Braunvieh. Baie dankie dat julle so mooi advertensies opgeneem het in hierdie joernaal en julle verbind het om met die Braunvieh 'n verskil te maak in beesteling in Suid-Afrika.

Ons Borge wat die hand diep in die sak gestee het om weereens hulle verbintenis met die Braunvieh te bevestig en veral Standaard Bank wat mildelik bygedra het en ook al ons linte vir ons Nasionale kampioenskappe borg, baie dankie.

Baie geluk aan Christopher Havenga en almal wat hom gehelp het om hierdie pragtige joernaal die lig te laat sien. Mag elke leser inspirasie put uit hierdie joernaal en mag dit lei tot sukses in julle boerdery!!!

COIS HARMAN, PRESIDENT



BEAULIEU

BRAUNVIEH STOET



Slegs die
beste
is goed
genoeg.

Hampie van Zyl

082 492 8123

hampie@assmang.co.za

85 Dibeng 8463

Wat 'n voorreg om die Braunvieh Joernaal van 2012 te kon saamslaan!! Dankie vir al julle insette. Ek het net weereens besef wat n groot voorreg dit is om met Braunvieh te kan boer. Dis regtig 'n uitsonderlike ras met uitsonderlike telers. Ek is baie trots om deel van dit als te wees.

Baie dankie aan al die telers van Suid Afrika en Namibië wat in die joernaal geadverteer het. Sonder julle positiewe houding en bydraes sou die joernaal nie moontlik gewees het nie. Aan al ons borge... julle bydrae tot ons joernaal maak dit werklik iets besonder en die Braunvieh telers waardeur dit opreg. Baie dankie aan elkeen wat vir my 'n artikel geskryf het om hierdie joernaal werklik diepte te gee. Dankie dat julle bereid was om julle kennis en insig met ons te deel.

Ek glo dat die kommersiële boere ook baie waardevolle inligting in die boek sal kry rondom ons ras en dat julle twee keer sal dink voor julle, julle volgende bul aankoop.

Die Braunvieh is hier om te bly en maak alreeds 'n groot impak op die speenkalfbedryf, maar nog nie groot genoeg nie. Dus manne, koop gerus volgende keer 'n Braunvieh bul, ek belowe jou dit sal die eerste een van baie wees!

Sterkte aan die Braunvieh telers met die teel van julle beeste. Ek weet dis nie altyd maklik nie, maar geniet elke oomblik daarvan. Onthou net dat dit wat jy in jou beeste sit, jy met rente sal terugkry. Moet nooit dink dat om te adverteer, skou ens. geldmors is nie, want dis als deel van stoetteling.



Jy moet kan gee om te kan ontvang. Ek hoop julle geniet dit soveel om die joernaal te lees soos wat ek dit geniet het om dit saam te stel.

Braunvieh Groete

CHRISTOPHER HAVENGA



Bouvorm... HANDLEIDING



brauvieh


BRAUNVIEH



DIE MERK VAN IETS BESONDERS...

Alphine Braunvieh Stud

Since 1936



Philip Wessels

Wesselspunt

Winburg

Sel 0832642199

Epos donsiewessels@gmail.com

**Bulle en vroulike diere deur die
jaar beskikbaar**



Braunvieh stud



Contact: Malungelo Zilimbola

Cell: 082 550 7990

Email: malungelo@mazicapital.co.za

TEGNOLOGIE

DEUR: HENK VAN DER LAARSE

VRIESIT Veterinêre Andrologie Laboratoriums

VRIESIT VETERINÊRE ANDROLOGIE Laboratoriums gebruik reeds vir die afgelope paar jaar tegnologie metodes, vir semen analyses om beter resultate aangaande Kunsmatige Inseminasie te verkry. Die afgelope 4 jaar word gebruik gemaak van die SPERM VI-SION™ stelsel. Op 'n latere stadium is die SPERM CLASS ANALYZER™ aangeskaf om nog meer inligting en akurate semen analyse resultate te verkry. Hierdie stelsel word die CASA (Computer Assisted Semen Analysis system) stelsel genoem, dus word semen met behulp van 'n gerekenariseerde proses ge-evalueer.

SUBJEKTIEWE SEMEN EVALUASIE

Subjektiewe semen evaluasie word regdeur die wêreld gebruik om semen te evalueer. Hierdie metode behels dat 'n klein druppel semen onder 'n dekglasie geplaas word en waargeneem word deur 'n fasekontras mikroskoop. Die operateur ondersoek die semen en maak 'n skatting wat die moontlike persentasie lewende sperme is. Hierdie skatting is slegs die operateur se eie opinie en mag verskil van ander operateurs.

Die voordeel van hierdie metode is dat dit goedkoper is as 'n CASA sisteem.

Die nadele van die stelsel is egter veel meer as die voordele:

- Die resultaat van die toets is slegs die operateur se opinie en kan baie van ander operateurs verskil.
- Die evaluasie se herhaalbaarheid is nie konstant nie, dus verskil die uitslae van dieselfde semen. Elke operateur het sy eie manier van preparaat voorbereiding; gevolglik bestaan daar nie werklik 'n standaard van preparaat bereiding nie.
- Afhangende van die metode wat gebruik word van analyse, is dit moontlik dat die operateur die verkeerde analyse maak. Swak semen kan as goed geklasifiseer word en andersom.
- Swak beweeglikheidspatrone (nie-lyn bewegings, kop amplitude, spoed ens.) kan wel deur 'n rekenaar waargeneem word maar nie regtig deur die menslike oog nie, wat dan te sê van 'n waarde bepaling.

- Die persentasie lewende sperme van dieselfde preparaat kan met tot 42% verskil van mikroskoopveld tot mikroskoopveld.
- Bewegingspatrone van afsonderlike sperme kan nie bepaal word met die menslike oog nie.

OBJEKTIEWE SEMEN EVALUASIE

Objektiewe analyses is 'n eksakte analyse wat fisies gemeet word en nie **geraai** word nie.

Objektiewe semen evaluasie maak gebruik van twee tipes mikroskope naamlik: 'n Fasekontras negatiewe mikroskoop en 'n Flouriserende mikroskoop. Elke mikroskoop is toegerus met 'n kamera wat tot meer as 50 foto's per sekonde neem.

Hierdie manier van evaluasie is 'n akurate metode, wat 'n wye verskeidenheid fasette van elke herkenbare sperm se beweeglikheid in ag neem. Die CASA sisteem is tot in die fynste besonderhede gestandaardiseer. Behoorlike standardisasie, akuraatheid en presisie lei tot uitstekende herhaalbaarheid. Dit is ook waar dat minder semen goedgekeur word met die CASA sisteem as met subjektiewe evaluasie vir kunsmatige inseminasie of embryo spoeling doeleindes.

FASETTE WAT IN AG GENEEM WORD TEN OPSIGTE VAN BEWEEGLIKHEIDSPATRONE:

- Drie verskillende afstande wat afgelê word deur elke herkenbare sperm
 1. Afstand van die werklike pad wat die sperm volg in mikron.
 2. Afstand oor 'n reguit lyn, van punt A na punt B in mikron.
 3. Afstand afgelê oor die mees gemiddelde pad in mikron.
- Drie verskillende spoedlyne van elke herkenbare sperm
 1. Spoed van die werklike pad wat die sperm volg. Gemeet in mikron per sekonde
 2. Spoed van die reguit lyn van punt A na punt B. Gemeet in mikron per sekonde.
 3. Spoed van die gemiddelde pad van die sperm. Gemeet in mikron per sekonde.

WORD INGESPAN

...OM VERBETERDE KI RESULTATE TE VERKRY

Dit is belangrik om kennis te dra van hierdie inligting, sodat daar vasgestel kan word of 'n sperm moontlik gou uitgeput kan raak as gevolg van hiperaktiwiteit, of dat die sperm te stadig swem en dus nie sy eindpunt kan bereik nie. Daar is ook 'n moontlikheid dat die sperm "deurmekaar" swem en nooit die eindpunt sal haal nie.

ANDER INLIGTING VAN ELKE HERKENBARE SPERM

- Die amplitude van die kop. Let daarop dat die amplitude van die spermkop kan vergroot indien die temperatuur verskil vanaf die onttrekking tot in 'n stabiele situasie. Hierdie verskynsel kom veral voor in die wintermaande waar die buite temperatuur drasties verskil van die oorspronklike temperatuur voor onttrekking en die sperm te koud geword het. Die gevolg van groot amplitudes is dat die sperm beskadig is en sal waarskynlik vinnig uitbrand en nie konsepsie veroorsaak nie.

- Die hiperaktiewe sperms word geïdentifiseer. Die middelste deel van die sperm bevat die energie. Wanneer daardie energie uitgeput is, sal die sperm nie meer beweeg nie. Daar is dus net 'n beperkte hoeveelheid energie vasgevang in 'n sperm. (Hiperaktiewe sperme sterf dus vinniger af as normal bewegende sperms.)
- Die lewensvatbaarheid (Vitality of Viability) van 'n sperm.

Hierdie aspek kan in twee dele verdeel word:

1. Gehalte van die selmembraan. As die selmembraan beskadig is, kan die sperm wel bly leef, maar is nie noodwendig lewensvatbaar nie.
 2. Die gehalte van die DNA in die sperm.
- Grootte van die spermkop word gemeet. Dit blyk te wees, dat





indien verkeerde metodes gebruik word tydens die verdunningsfase, dit kan veroorsaak dat spermkoppe swel. Dit sal dan ook 'n nadelige effek hê op konsepsie syfers.

FOTO'S VAN DIE BEWEEGLIKHEIDS PATRONE VAN SPERMSELLE




Hierdie is die normale sperm se bewegingspatrone

— Werklke pad gevolg

— Punt A na punt B

— Mees gemiddelde pad




Hier beweeg die sperm nie in enige spesifieke rigting nie.

Die kans dat 'n sperm in hierdie toestand konsepsie sal veroorsaak, is skraal.

— Werklke pad gevolg

— Punt A na punt B

— Mees gemiddelde pad



Lewensvatbaarheid: Hier maak ons gebruik van 'n flouriserende kleurstof om die sperms te kleur en deur middel van 'n flouriserende mikroskoop te ondersoek, wat ook geassisteer word met 'n rekenaar program. Die rekenaar program kan klein kleurverskille aantoon wat nie met die blote oog waargeneem kan word nie.

'n Voorbeeld van spermselle met behoorlike lewensvatbaarheid. Die groen sperme met die groen raampie om is lewensvatbaar. Die sperme met die rooi raampie om is nie lewensvatbaar nie. U sal ook sien dat daar groen sperme is met 'n rooi raampie om. Die sperm is ook nie lewensvatbaar nie hoewel die sperm geleef het.



BEZUIDENHOUT BROERS

Ons teel vanaf die veld vir
gehardheid, besciering,
vrugbaarheid en vleis.

Kobus

o82 374 5022

bezmar@mtnloaded.co.za

Petri

o82 859 7023

vadersgift@vodamail.co.za

Al hierdie toetse is in plek gestel met die doel om beter KI- en embriospoeling resultate te verkry. Spesifieke toetse is gemik op sekere aktiwiteite; die lewensvatbaarheidstoetse is byvoorbeeld meer gemik op embriospoelings. Hoë lewensvatbaarheid sal die moontlikheid van onbevrugte eierselle verminder, dus is die voorstelbaarheid van goeie resultate meer akkuraat. Let wel; die vroulike dier speel ook 'n rol in die eindresultaat.

TOEKOMS PLANNE

'n Totaal objektiewe morfologiese ondersoek van die bevrore sperme is huidiglik nog nie beskikbaar in Suid Afrika nie. Ons, by VRIESIT ANDROLOGIE Laboratoriums, werk hard daaraan om ook morfologie oor te skakel na 'n kombinasie van objektiewe en subjektiewe analyses. Op hierdie stadium is die oorgroot meerderheid

van ons toetse wel reeds objektief. Objektiewe morfologiese analise is meer gemik op proefbuis bevrugtings. Streng subjektiewe morfologiese sperm analyses word reeds sedert 1988 gedoen.

AFSLUITING

Die akuraatheid van semen toetse vir KI en Embriospoelings is uiters belangrik, omdat die insetkoste vir melk-en vleisbees produksie al hoër word. Dit is belangrik om behoorlik getoetsde semen en die beste kwaliteit in u teel program te gebruik. Groot boerderye in die KI bedryf, behaal 65 tot 73% konsepsie met 'n enkele strooitjie, omdat hulle behoorlik getoetsde semen gebruik. U kan ook van hierdie diens gebruik maak by VRIESIT ANDROLOGIE Laboratoriums. Skakel ons by: Laboratorium: +27 (0)125470446 of +27 (0)827859897.



AC-CATTLE-CO

Sonneskyn

56 years of foundation breeding
picture perfect functionality - sound dual purpose braunvieh
pure original swiss breeding



 MARLO 

With birth: 40 kg, 7 months: 387 kg, 1 year: 516 kg, 14 months: 560 kg
147 SI 140 GDO 124 GDT drink from mother without help within 30 minutes after
birth, which is important

Piet & Anna
de Villiers

Cell: 082 670 6089
Tel/fax: 053 983 0443
POBox: 34 Kameel 8603

**FOSBLOCK
FOSFAAT-SPOORMINERAALAANVULLING
VIR HERKOUERS**

FOSBLOCK

REËNBESTAND ... MIN VERLIESE



HOË DIEREPRESTASIE ...

... HOOGS OPNEEMBAAR



MOLATEK

Skakel Molatek by Tel: +27 (0)13 791-1036 • Faks: +27 (0)13 790-0095 • E-pos: molatek@tsb.co.za

Fosblock Reg. No. V22502 (Wet No. 36 van 1947) N-FF 2471



Shalom Braunvieh

STOET

Lalta Trust

Posbus 11, Petrusville, 8770

lalta_trust@polka.co.za

ABIE RADEMEYER • 083 282 3996

"Hart en siel uit die Karoo, dié Braunvieh Stoet"



BARTOLOMIAS seun van SHOWBOY

Sweetdruppels

OP DIE GRONDPAD

MOLLY BESTER

Ek is die eerste keer aan jeugskou blootgestel in 1999, toe ek vyf jaar oud was. Ek en my twee susters, Hanri en Daleen, het hard gespook om vir ons rammetjies mak te kry vir die jaarlikse Rooivleisfees. Daardie skou was dalk nie 'n groot storie nie, maar dit brandmerk die begin van my dertien-jaar lange jeugskouloopbaan. Die saadjie is geplant daardie dag toe ek my eerste trofeetje ontvang het. Min het ek toe geweet waarheen dit sou lei.

In 2001 het ons die eerste keer provinsiaal gaan skou. My sussies het toe vir hulle Bonsmaras geleer, terwyl ek vir eers nog by skape volstaan het. Die bees-makmaak was maar 'n gespartel, maar die skougogga het klaar

voort te gaan met die jeugskou nie... ons het sommer ook 'n Braunvieh-stoet begin! Daar is nog ses verse aangekoop in 2003 en dié is ge-KI. Vroeg in 2004 het die eerste kalwertjies aangekom, wat direk stal toe is om getem te word. Ons het daardie jaar erns gemaak met die groepklas en ons drie het middag na middag gaan oefen om al die bewegings gelyk te kry. Die SA-byeenkoms is deur Noord-Wes op Vryburg aangebied. Daardie tyd is 'n poeldierstelsel gebruik, met ander woorde stoetboere in daardie omgewing het die diere voorsien en elke provinsie kon 'n span van vier mak beeste leen. Die Vrystaat het met Hereford-verse opgeëindig. Hulle was heel mak om mee te loop, maar was nie gewoond daaraan dat 'n mens met hul pote, sterte en al die ander dinge wat saakmaak, peuter nie. Het dit nou vir jou 'n geskop afgegee! Maar die skou moes voortgaan; dus, as so iets gebeur, sluk jy jou trane, byt op jou tande en gaan aan – die tyd loop! Dis wanneer 'n mens die Braunvieh se kalmte waardeer, al is dit 'n gesukkel om hul haarkleed glad te kry (dié proses is



vatplek gekry. Vroeg die volgende jaar het ons drie Braunvieh-versies aangeskaf. My pa het uitgevind van die ras se rustige temperament, wat dit ideaal maak vir hanteringsdoeleindes. Rustig is egter ver van mak af... dit het ons gou agter gekom. Die versies is elke middag kraal toe gebring, waar ons hulle uitgeborsel en versorg het. Daarna was dit grondpad toe met hulle. Soms, as die diere hand uitruk, het ons letterlik agterna gewapper. Maar geleidelik het hulle makker (en ons slimmer) geword.

So het die Besters vroeg in April 2002 die pad Reddersburg toe aangedurf met die drie verse op 'n waentjie en die kroos in die canopy. Die gemoedstoestand toe ons ingeklim het op die plaas, was aansienlik beter as toe ons 470 km verder uitgeklim het. Waar ons 'n paar uur later in slaapsakke in 'n koshuiswoonstel gelê het, met rotte wat onder die vloer skarrel, het ek egter terug verlang na die pad! Die volgende oggend het die geluid van reën ons wakker gemaak... en die volgende oggend weer... en die volgende oggend weer! Dit was PAPSOPNAT! Die beoordelaar, einste oom Piet de Villiers, het die deelnemers met tye onder dak beoordeel en moes die program inwerk soos die weer draai. Hy het ons ook bietjie touwys gemaak en raad gegee. Ons is drie dae en 70 mm reën later daar weg, party van ons in pajamas, omdat dit die enigste droë klere was...

Na daardie ontnugterende ondervinding het ons besluit om nie net

ten minste nie gevaarlik nie!).

Ek dink 2006 se Nasionaal was vir elke kind wat daardie jaar geskou het, 'n hoogtepunt. Die skou is op Worcester aangebied. Aangesien die poeldierstelsel die vorige jaar uitgestem is, moes ons die 1200 km met drie verse in 'n horsebox aandurf. Die Kapenaars was goeie gashere en het alles in hulle vermoë gedoen om ons gelukkig te hou; party maal dalk 'n bietjie te veel! Ek dink maar aan die tannie by die gastehuis waar ons oorgebly het. Alles was netjies en skoon: roomkleurige matte en spierwit beddegoed. Dit het egter net gehou totdat ons die eerste aand met ons vuil waterskoene deur die plek is. Verder het die bestuurderes ook die toerusting wat ons gedurende die dag daar gelos het, geherorganiseer. Wanneer 'n mens dan in die oggend net voor jy skougronde toe ry, jou goedjies bymekaar moes kry, was dit chaos! Wat ek die beste kan onthou van dié skou, is die oggend toe een van ons versies handuit geruk het tydens ons vroegdag-stappie op die Wyntuin-roete! Ek kan maar net sê dat daar Bester-nerwe op daardie geplaveide paadjie agter gebly het...

Die skou self was goed georganiseerd. Daar was vir die eerste keer aansit-etes in plaas van die gewone 'skourantsoen', bestaande uit waterige aanmaak-roereiers soggens en platgedrukte worsbroodjies in die middag, vergesel deur 'n warm sappie en 'n gekneusde vrug. Etenstye was voortaan die lekkerste kuier-tyd! Die groepklas was 'n baie strawwe stryd daardie jaar. Ons drie meisiekinders het teen agt ander groepe



gekompeteer, waarvan sewe groepe net uit seuns bestaan het. Om een of ander rede is dié gesogte item in 'n skuur gehou met 'n tent voor die ingang... dit was WARM! Om na ongeveer twee ure onder beoordeling steeds konsentrasie te behou, terwyl jou bees moeilik raak en daar elke kort-kort 'n tartende sweetdruppeltjie langs jou rug afloop, is nie maklik nie! Eindelik is ons tweede geplaas, met die Wes-Kaap se groep eerste. Tog was ons tevrede. Ons het ons beste gegee en is beloon daarvoor. Toe het die tog terug Vrystaat toe begin...

Die volgende jaar was die SA-byeenkoms op Bloemfontein, wat net om die draai voel, vergeleke met die Kaap-trippie die vorige jaar, of die pad af Williston toe in 2008! Sulke rutte bly legendaries: die saamsing agter in die *canopy*; toebroodjies en fles-koffie langs die N1; die geselsies met nuuskurige vreemdelinge by vulstasies en ontbyt in die middel van die teerpad tussen Vosburg en Carnavon! In Williston aangekom, het ons ontdek dat een van die skoubeeste opgeblaas was van die ry. Ons arme veearts moes sy Sondagmiddag-slapie kortknip toe ons hom bel vir raad. Hy het 'n mengsel van suiker, gis en kookolie aanbeveel. Die vraag was egter of die ou stofstraat-dorpie met die mooi kerk en 'n paar Namakwaland-daisies hierdie artikels in hulle Handelshuis sou aanhou. Tot ons verbasing (en verligting) was die spulletjie voorbereid. Daar is ekstra voorrade bestel en die hele gemeenskap was opgekommandeer om te help met die organisasie van, soos hulle dit genoem het, "hier'ie jelse event". Dus kon ons die bul dokter. Ons senuwees was klaar, maar hy het net betyds herstel vir die eerste item. Ons het goed gevaar en al-

bei individuele derde plekke behaal. Ek sal nooit daardie gevoel vergeet nie die oggend na die skou toe ons moes ry; toe die vriendelike dorpie onder dowwe sterre al hoe kleiner word; toe ek besef dat daar 1000 km pad tussen ons en die huis wag, en dat ons dit in een dag gaan aflê! Ons het daardie aand weer onder die sterre by die huis aangekom...!

In 2009 het nog net ek geskou. Ek het met moeite vir my 'n versie gereed gemaak vir SA's op Magaliesburg, maar sy het twee maande voor die byeenkoms haar heup lelik seergemaak. Sy kon-ten spyte van duur medisyne, daaglikse maserings en baie gebedjies- nie gaan skou nie. Ek moes 'n ander bees makmaak, nogal 'n bul, Kalahari. Die ding was hard-horend en ek was nie baie lief vir hom nie. Maar aangesien my opsies beperk was, moes ek sy houdinkie uit hom uit loop! Dit het bloedsweet gekos, maar hy was op die einde 'n staatmaker soos min! Dis dieselfde Kallie waaroor ek twee jaar later my hart uitgehuil het op die Vryburg-skouveiling!

Ek kyk vandag terug op meer as 'n skouloopbaan – dit was 'n ontwikkelingsproses. Toe my bees byvoorbeeld op Vereeniging in 2005 tydens voorbereiding losgeruk het, is ek paniekerig deur die vers die ring uitgesleep. Dieselfde krisis het op my laaste skou in 2011 ontstaan. Daarop het ek begin lag, bietjie verleë die bul gaan vang en voortgegaan, sonder 'n bohaai. Op geen ander manier kan 'n mens soveel geduld, deursettingsvermoë, toewyding en nederigheid leer nie. Hierdie tipe ondervinding kry 'n mens op geen kursus nie, dit staan nie in boeke nie en 'n mens kan dit ook nie Google nie – dit lê êrens tussen die sweetdruppels op die grondpad, in die eelte op 'n mens se leiriem-vinger, in die stilte tussen jou en jou dier...

Ons het ook so tussendeur die hele land gesien: 28 skoue op 12 verskillende dorpe oor 21 254 km...meestal mét beeste! Vir al die vriende wat ons gemaak het en die goeie herinneringe, was die sweet en tranen (en beserings) wat dit geveer het om 26 beeste mak te kry, eintlik nie so 'n duur prys om te betaal nie. As ek more-oggend weer as 'n 5-jarige dogtertjie wakker word, skaf ek vir my onmiddellik 'n paar staalpunt-skoene aan, en doen alles weer!

Skoue...

WINDHOEK



VRYBURG



SKOUE... ...kinders



BERGLANDKOEPSEL
STOET



"Vleis, Melk en Moederlike Eienskappe"

Danie de Villiers

082 725 5420

Wessel de Villiers

082 487 2948

Elbie Botha

082 800 3859

berglandkoepel@gmail.com

Posbus 361 Parys 9585



VISIE: Deurlopende volhoubare groeivermoë te verseker.



MISSIE: Om aan die behoeftes van kliënte te voldoen
deur die regte tipe bloedlyne optimaal te benut.



Op die vooraand van baie ver-
wikkelinge in die landbousek-
tor, is dit waarskynlik die aange-
wense tyd om 'n voorraadop-
name te maak oor vordering met
doelwitte en omstandighede,
waarbinne landbouprodusen-
te hul passie uitleef, naamlik
die produsering van voedsel
vir die wêreld se steeds groei-
ende bevolking. In Suid-Afrika
alleen, is daar soveel uitdag-
ings en watter beter tyd as
juis nou om van ons visie, 'n
werklikheid te maak. 'n Land-
bouleier het onlangs gesê Suid-
Afrikaanse landbouers sien uit
na 'n dag wanneer die praktyk
van beleid, vertrouwe inboesem
en 'n ondersteuningsbasis in
plek is, en wat sal meedoen om
ondernemerskap en mededing-
ende produksie te rugsteun.

"Positief" IN DIE LANDBOU



PIETER MOLLER

Maatskappye en die samelewing doen hul eie ding al oor jare. Kundigheid word oordeelkundig aangewend en ge-
bruik en uiteindelik is hierdie kundigheid die sleutel om sukses in die toekoms te behaal. Hierdie kundighedsnetwerk
se mense bevind hulle ook in die Suid-Afrikaanse landboubedryf. Dit is elkeen se plig, ook in die veebedryf veral,
om kundigheid in die sektor te benut en reg aan te wend, sodat die geleenthede korrek bestuur word. Ons het so
baie om voor dankbaar te wees en soos die Brauvieh Telersgenootskap alreeds bewys het, is dit belangrik om die
uitdagings, eerder as die probleme raak te sien.

Oor die algemeen was landbouers nie altyd ten volle ingestel op die behoeftes van die verbruiker nie, want tradisio-
neel was ons nog altyd produksiegerig, maar daar was groot vordering in die afgelope klompie jare. In hierdie opsig
het die Brauvieh Beestelers Genootskap 'n baie belangrike rol gespeel om die verbruiker te oortuig van die boer se
verbintenis tot verbruikersondersteuning. Ons moet voortdurend sorg dat die huidige vlaag van emosies ons nie
onder kry nie. Oor die algemeen bied landbou 'n betreklik veilige werk- en leefomgewing aan vir werkers en hul
afhanklikes. So speel plaaswerkers, wat 'n dekade of wat net 'n mindere rol gespeel het, deesdae 'n belangrike rol in
die bestuur van plase. Ons is almal opgewonde oor al hierdie moontlikhede en geleenthede. Dit bly 'n uitdaging vir
die landbou om tot 'n groter mate werksgleenthede te skep en so 'n groter bydrae tot ekonomiese welvaart te maak.

Dankie dat u 'n verskil rondom u maak. Dankie dat u daarna streef om mense om u gelukkig te maak. Ons, die
landbousektor, en nou meer as ooit die Brauvieh Beestelers Genootskap, moet LEEF, en 'n sprekende, lopende, be-
wegende voorbeeld wees van 'n groep entrepreneurs wat hulle energie reg aanwend. Meer sukses is u voorland!
Abraham Lincoln het gese: "Whatever you are, be a good one"!! Voorspoed!



Teelwaardes

– Hoe om dit te Verstaan en Gebruik

LESLIE BERGH

LNR-DIEREPRODUKSIE-INSTITUUT, PRIVAATSAK X2, IRENE, 0062
SUID-AFRIKA TEL. +27 (0)12 672 9145, SEL +27 (0)82 801 2026,
E-POS: LESLIE@ARC.AGRIC.ZA

INLEIDING

Teelwaardes is – net soos gewone prestasietoets indekse – 'n uiters waardevolle hulpmiddel in seleksie en teling van vleisbeeste. Dit is egter nie die alfa en omega van teling nie en moet natuurlik doelgerig en op 'n gebalanseerde wyse gebruik word in kombinasie met ander hulpmiddels soos funksionele evaluasie. Dit help tog nie om 'n bul te teel wat teen 2.5kg per dag kan groei, maar hy kan nie loop nie! Verder is dit ook baie belangrik dat jy sal seker maak dat jou prioriteite reg is wanneer dit kom by seleksie. Reproduksie of vrugbaarheid moet altyd nommer een wees en daar behoort nooit kompromieë aangegaan te word ten opsigte van hierdie eienskap nie. Indien te veel klem op ander eienskappe geplaas word ten koste van vrugbaarheidseienskappe, soek jy vir seker moeilikheid – die soort wat jou baie geld gaan kos – ongeag watter hulpmiddels jy gebruik in jou seleksie en teelplanne.

Dit is net so belangrik dat jy presies weet waarna toe jy wil gaan

met die teling van jou beeste, dit wil sê wat jou teel doelwitte is. [Jy ken mos die storie dat as jy nie weet waarheen jy gaan nie, is jou kans 100% om daar te kom]. Net soos met ander hulpmiddels (soos prestasietoets indekse), kan teelwaardes ook verkeerd gebruik word. Maar dan moet jy oppas dat jy nie die baba met die badwater weggooi nie – dit is mos nie die hulpmiddel (teelwaardes) se skuld nie as jy (of jou adviseur/konsultant) die hulpmiddel verkeerd gebruik nie? Maak dus seker jy is goed ingelig oor die interpretasie van teelwaardes en luister ook na die regte mense as jy hulp soek met die gebruik van teelwaardes by seleksie en teling.

WAT IS BLUP?

BLUP (Best Linear Unbiased Prediction) is bloot die gesofistikeerde wiskundige metode wat gebruik word om beraamde teelwaardes of kortweg teelwaardes te verkry met behulp van prestasietoetsdata en stambome.

WAT IS 'N TEELWAARDE?

- 'n Dier se teelwaarde is 'n voorspelling van sy genetiese vermoë, met ander woorde hoe toekomstige nageslag van hier-

- die hier behoort te presteer vir hierdie eienskap binne die spesifieke ras.
- Die volgende prestasie- en stamboomdata word gebruik in die berekening van teelwaardes:
 - Die prestasie van 'n hier relatief tot sy tydgenote (diere wat blootgestel was aan presies dieselfde omgewingstoestande wat betref kudde, plaas, voeding, seisoen, bestuur, ensovoorts).
 - Soortgelyk, die prestasie van al die hier se familie (ouers, broers en susters, nageslag, ensovoorts) in hul onderskeie kontemporêre groepe waarin hulle getoets was, met inagneming van die oorerflikheid van die betrokke eienskap.
 - Die prestasie van die hier ten opsigte van ander gemete eienskappe, met inagneming van die genetiese korrelasies tussen die eienskappe.
 - Die genetiese skakels of koppelings tussen kuddes, jare, seisoene, groepe, ensovoorts.
 - Uit bogenoemde is dit duidelik dat 'n teelwaarde 'n meer akkurate aanduiding van 'n hier se genetiese potensiaal is as die hier se prestasie indeks vir die betrokke eienskap, omdat alle beskikbare inligting gebruik word om 'n teelwaarde te bereken, nie net die hier se eie prestasie nie.
 - Teelwaardes is nie staties nie, met ander woorde 'n hier se teelwaardes kan verander met elke nuwe BLUP ontleding, soos wat meer en meer data van die hier, sy verwantes en later ook nageslag beskikbaar word. Vir hierdie rede moet die nuutste beskikbare teelwaardes altyd gebruik word. Dit is ook nodig om te onthou dat die grootste veranderinge in 'n hier se teelwaardes gebeur wanneer sy/haar eie meting/prestasie vir 'n betrokke eienskap ingesluit word in 'n BLUP ontleding (teenoor 'n kalfie wat nog nie prestasietoets was nie), en dan weer wanneer die hier se eerste nageslag se metings vir 'n betrokke eienskap ingesluit word in die BLUP ontleding. Die grootste verandering in 'n bul se speengewig maternale teelwaarde vind plaas wanneer sy dogters se eerste kalwers se speengewigte ingesluit word in die BLUP ontleding.
 - Die akkuraatheid syfer (wat wissel tussen 0 en 99%) van 'n teelwaarde is 'n aanduiding van die hoeveelheid prestasietoetsdata (van die hier self en sy verwantes) wat in berekening gebring is in die betrokke BLUP ontleding vir daardie eienskap. Hoe meer inligting beskikbaar is, hoe hoër is die akkuraatheid. As die akkuraatheid relatief laag is, is dit gewoonlik omdat die hier self nie getoets was vir daardie eienskap nie. In sulke gevalle is die kans groot dat die hier se teelwaarde kan verander in die toekomst wanneer meer prestasietoetsdata beskikbaar word. 'n Hoë akkuraatheid beteken dat die kans klein is dat die hier se teelwaarde sal verander met die byvoeging van data. 'n KI bul met baie nageslag se teelwaardes sal byvoorbeeld 'n baie hoë akkuraatheid hê.
 - Teelwaardes word meestal uitgedruk in die eenheid van meting, byvoorbeeld kg vir gewig teelwaardes.
 - Om 'n teelwaarde te interpreteer, moet dit altyd vergelyk word met die gemiddelde teelwaarde van die betrokke ras en die betrokke kudde. 'n Teelwaarde van byvoorbeeld +5kg vir speengewig direk moet dus eers met die betrokke ras- en die kudde gemiddeldes vergelyk word om te weet of dit goed of sleg is. Om hierdie vergelyking te vergemaklik, word daar deesdae ook teelwaarde indekse bereken wat die hier se teelwaarde uitdruk as 'n persentasie van die ras se gemiddeld, waar die ras gemiddeld gelyk gestel word aan 100.
 - Die BLUP-metodiek maak dit moontlik om die invloed van die omgewing (plaas, jaar, seisoen, groep, ensovoorts) op 'n betrokke eienskap te kan skei van die genetiese invloed. Hierdie skeiding maak dit dan moontlik om die genetiese meriete (of teelwaarde) van diere te kan vergelyk oor die jare, kuddes, seisoene, groepe, ensovoorts, op voorwaarde dat daar voldoende genetiese koppelings beskikbaar is. (Terloops, die gebrek aan genetiese koppelings oor rasse is die rede waarom teelwaardes nie direk vergelykbaar is oor rasse nie). Die gebruik van KI bulle, die koop van bulle by ander telers wat prestasietoetsing doen en die uitruil van bulle tussen telers, is die beste maniere om sterk genetiese koppelings tussen kuddes te verkry.
 - Teelwaardes word uitgedruk as 'n afwyking van die basisjaar. Dit beteken dat, om te verseker dat teelwaardes jaar na jaar teen dieselfde basis vergelyk word, daar arbitrêr 'n sekere jaar gekies word waarin die gemiddelde teelwaardes vir diere gebore in daardie jaar in die betrokke ras gelyk gestel word aan nul. Indien die basisjaar byvoorbeeld 1990 is, beteken 'n teelwaarde van +6kg vir speengewig direk dat die hier se teelwaarde 6kg hoër is as die gemiddelde teelwaarde van alle diere in die ras gebore in 1990.
 - Teelwaardes kan bereken word vir diere wat nie getoets is vir daardie spesifieke eienskap nie, byvoorbeeld vir jong diere wat nog nie prestasie getoets is nie, asook vir eienskappe wat slegs in een van die geslagte gemeet kan word, byvoorbeeld moederlike vermoë of melkproduksie. In sulke gevalle word die hier se teelwaarde bereken op grond van die hier se prestasie in ander eienskappe wat geneties gekorreleer is en ook op die prestasie van die hier se familie. Soos reeds gesê, word 'n bul se speengewig maternale teelwaarde eers werklik akkuraat wanneer sy dogters se kalwers se speengewigte ingesluit word in die BLUP ontleding.
 - Die BLUP metodiek maak dit moontlik om direkte effekte te skei van die moeder effekte vir eienskappe waar die moeder 'n direkte invloed het op die prestasie van haar kalf, vir eienskappe soos geboortegewig en speengewig. Die speengewig direk teelwaarde is byvoorbeeld 'n aanduiding van die kalf se eie voorspeense groeivermoë, terwyl die maternale teelwaarde 'n aanduiding is van die moeder se moederseienskappe, veral melkproduksie.

MITES OOR TEELWAARDES

Miskien moet ons nou ook sommer 'n paar mites met betrekking tot prestasietoetsing en teelwaardes die nek in slaan, naamlik:

- Die feit dat jy 'n sekere eienskap meet (prestasietoets) in jou kudde beteken nie noodwendig dat jy diere met die hoogste (of laagste) teelwaardes vir daardie eienskap moet selekteer nie. Die gewenste dier hang onder meer af van jou teeldoelwitte, beskikbare voeding, klimaat, teelstelsel en produksiestelsel. Neem byvoorbeeld skouerhoogte: As jou teeldoelwit is om mediumraam diere te teel gaan jy mos nie bulle met baie hoë skouerhoogte teelwaardes selekteer net omdat hulle in Fase C of D gemeet is vir skouerhoogte nie. Die blote meting van 'n eienskap het dus niks te doen met hoe jy die betrokke teelwaarde gebruik nie.
- Prestasietoetsing en teelwaardes as sulks maak nie beeste groter en minder doeltreffend nie. 'n Dier se genetiese samestelling verander nie deur dit te weeg en 'n teelwaarde vir die dier te bereken nie. Dit is eers as seleksie (deur die teler of keurder) in 'n spesifieke rigting plaasvind dat die genetiese samestelling van 'n ras of kudde verander word.
- Alhoewel daar positiewe genetiese korrelasies bestaan tussen geboortegewig, speengewig, groeitempo (GDT) en volwasse gewig, is hierdie korrelasies nie 100% nie. Dit beteken dat dit moontlik is om groeitempo geneties te verhoog sonder om noodwendig geboortegewig en/of volwasse gewig te verhoog.

BESKRYWING VAN EIENSKAPPE EN RIGLYNE VIR SELEKSIE

By elk van die eienskappe word 'n riglyn gegee vir seleksie. Let egter op dat hierdie algemene riglyne is en dat dit kan verskil van teler tot teler, afhangende van jou spesifieke teeldoelwitte en behoeftes.

REPRODUKSIE

- **Kalftempo** – Dié teelwaarde is 'n aanduiding van die vrugbaarheid asook die retensie van 'n bul se vroulike nageslag. Vir 'n bul om 'n hoë kalftempo teelwaarde te kry, moet sy dogters eerstens behoue bly in die ras (met ander woorde 'n groot persentasie dogters wat gebore word, word behou as vervangingsverse, of word aan mede-telers verkoop) en tweedens moet sy dogters gereeld kalf tot op die ouderdom van 6 jaar. Honderd dogters van 'n gemiddelde bul sal tesame byvoorbeeld 97 kalwers voor die ouderdom van 6 jaar gee. Die teelwaarde weerspieël dus die aantal kalwers wat 100 van 'n bul se dogters meer of minder as die gemiddelde bul sal gee. Alle verwantes se metings word ten volle deur die stambome in ag geneem. Die teelwaarde word net vir die manlike diere in die ras gepubliseer. Selekteer bulle met bogemiddelde kalftempo teelwaardes vir vrugbare dogters met hoë retensie van nageslag.
- **Skrotumomvang** – Dié teelwaarde is 'n aanduiding van die dier se genetiese vermoë vir skrotumomvang soos gemeet in Fase C en D groeitoetse. Vermoë bulle met lae skrotumomtrek teelwaardes vir vrugbare bulle wat baie koeie kan dek.

GEBOORTE

- **Geboortegewig Direk** – Dié teelwaarde is 'n aanduiding van die dier se genetiese vermoë vir geboortegewig. Diere met laer teelwaardes sal nageslag gee met ligter geboortegewigte met 'n gevolglike kleiner kans vir kalwingsprobleme by die moeders.
- **Geboortegewig Maternaal** – Dié teelwaarde is 'n aanduiding van 'n koei se genetiese vermoë om 'n kalf (fetus) se groei tot geboorte te beperk (soos 'n natuurlike beskerming teen kalwingsprobleme). Die maternale teelwaarde van 'n bul is 'n aanduiding van sy dogters se vermoë om die geboortegewig van hul nageslag te beperk.

Besoekers Welkom!



ELS06-05



BRAUNVIEH

S.P. Els

083 983 3111

Fanie Els

083 409 7381

Excelsior

driekop_els@yahoo.com

Rossouw's Braunvieh Stoet



Sampie Rossouw

082 312 7208

053 331 0108

sampie@klk.co.za

Posbus 252

Olifantshoek 8450

'n Trotse Braunvieh Stoet in die Kalahari
Geteel vir: Reproduksie, Aanpasbaarheid, Hoë speengewig, Kalwingsgemak



GROEITEMPO

- **Speengewig Direk** – Dié teelwaarde is 'n aanduiding van die dier se eie genetiese vermoë om te groei tot op speen-ouderdom. Selekteer bulle met bogemiddelde speengewig direkte teelwaardes vir kalwers wat vinnig groei en dus hoë speengewigte het.
- **Speengewig Maternaal** – Dié teelwaarde is 'n aanduiding van 'n koei (die kalf se moeder) se genetiese moederlike vermoë (hoofsaaklik melkproduksie) om 'n omgewing te skep waarin haar kalwers optimaal kan groei. Die speengewig maternale teelwaarde van 'n bul is 'n aanduiding van sy dogters se moederlike vermoë om swaar kalwers te speen. Let asseblief op dat daar gewoonlik 'n lae negatiewe genetiese korrelasie is tussen speengewig direkte- en maternale teelwaardes. Wanneer daar dus vir speengewig geselekteer word, moet telers albei hierdie teelwaardes in ag neem. Selekteer bulle met bogemiddelde speengewig maternale teelwaardes om dogters te teel met goeie moederseienskappe wat swaar kalwers kan speen.
- **Jaaroud Gewig** – Dié teelwaarde is 'n aanduiding van die dier se genetiese groeivermoë tot op een jaar ouderdom. Let asseblief op dat jaargewig 'n funksie is van voor- en naspeense groei. Selekteer bulle met gemiddelde tot effe bogemiddelde jaargewig teelwaardes vir gemiddelde grootte diere.
- **18 Maande Gewig** – Dié teelwaarde is 'n aanduiding van die dier se genetiese groeivermoë tot op 18 maande ouderdom. Dit is ook tot 'n sekere mate 'n aanduiding van die dier se volwasse gewig. Soos jaargewig, is 18 maande gewig ook 'n funksie van voor- en naspeense groei. Selekteer bulle met gemiddelde tot effe bogemiddelde 18 maande gewig teelwaardes vir gemiddelde grootte diere.
- **Volwasse Gewig** – Dié teelwaarde is 'n aanduiding van die dier se genetiese vermoë vir volwasse gewig. Gewigte van koeie 4 jaar en ouer by speen van hulle kalwers word gebruik vir die beraming van volwasse gewig teelwaardes. Selekteer gemiddelde volwasse teelwaardes vir gemiddelde grootte diere.
- **Gemiddelde daaglikse toename (GDT)** – Dié teelwaarde is 'n aanduiding van die dier se genetiese vermoë vir naspeense groei, soos gemeet in Fase C en D groeitoetse.

DOELTREFFENDHEID

- **Voeromsetverhouding (VOV)** – Dié teelwaarde is 'n aanduiding van die genetiese vermoë van die dier om voer doeltref-

fend om te skalei na liggaamsgewig, soos gemeet in Fase C groeitoetse. Let asseblief op dat diere met 'n lae VOV teelwaarde meer doeltreffend is. Selekteer bulle met lae VOV teelwaardes vir doeltreffende voeromsetters.

- **Kleiberverhouding** – Dié teelwaarde is 'n indirekte aanduiding van die dier se genetiese vermoë vir voeromset doeltreffendheid, soos gemeet in Fase D groeitoetse. Diere met 'n hoër teelwaarde is meer doeltreffend. Selekteer bulle met bogemiddelde Kleiberverhouding teelwaardes vir goeie groei-doeltreffendheid.
- **Voerinname** – Dié teelwaarde is 'n aanduiding van die genetiese vermoë van die dier vir daaglikse voerinname, soos gemeet in Fase C groeitoetse. Diere met 'n hoër GDT teelwaarde en 'n lae voerinname teelwaarde is meer doeltreffend en dus wenslik.
- **Voerkraal Winsindeks** – Dié teelwaarde is 'n aanduiding van die genetiese vermoë van die dier om winsgewend te wees in 'n voerkraal of soortgelyke omgewing. Die teelwaarde is 'n seleksie-indeks wat saamgestel word uit teelwaardes vir voerinname, begin gewig en eind gewig, in ag genome die relatiewe ekonomiese gewigte van elk.

LIGGAAMSMATES

- **Skouerhoogte** – Dié teelwaarde is 'n aanduiding van die genetiese vermoë van die dier vir skouerhoogte, soos gemeet in Fase C and D groeitoetse. Selekteer bulle met gemiddelde skouerhoogte teelwaardes vir mediumraam tipe diere.
- **Liggaamslengte** – Dié teelwaarde is 'n aanduiding van die genetiese vermoë van die dier vir liggaamslengte (gemeet van voor die skouerbeen tot agter die sitbeen), soos gemeet in Fase C and D groeitoetse. Selekteer bulle met bogemiddelde liggaamslengte teelwaardes en gemiddelde skouerhoogte teelwaardes vir relatief lang diere.

SLOT

Omdat teelwaardes 'n dier se eie prestasie, sy verwantes (stamboom) se prestasie en die prestasie van sy nageslag in 'n enkele syfer kombineer, is dit 'n baie akkurate en baie kragtige instrument in die hand van 'n teler. Met die doelgerigte en gebalanseerde gebruik van teelwaardes kan vinnige genetiese vordering verkry word sonder negatiewe gevolge op ander eienskappe. Daar is wêreldwyd talryke bewyse om hierdie aanspraak te staaf. Die vraag is: Doen jy prestasietoetsing en gebruik jy teelwaardes tot jou voordeel?



Uzziah

Digteby Luckhoff

Leon Strauss leonstrauss@yahoo.com

082 944 4519

Volharding kweek Egtheid!

BRAUNVIEH





Die Bemarking Spesialiste Vir:

Geskeduleerde veilings
 Spesiale veilings
 Stoetveilings
 Uit-die-hand bemarking
 Slagvee bemarking
 Eiendomme
 Veekundige advies
 Aanteelveilings




**DIE KOÖPERASIE WAT JY KAN VERTROU MET AL JOU DIERE!
 JY KAN NIE BEKOSTIG OM SONDER NOORDKAAP LEWENDEHAWE
 TE WEES NIE! ONS DRA JOU BELANGE OP DIE HART!**



**STOET & KOMMERSIEEL
 STUD & COMMERCIAL
 Afslaers / Auctioneers
 053 927 3871**

Barry Steyn Braunvieh's

Geleë in die pragtige Swartruggens Bosveld



Kontak Barry

Sel: 076 761 2027

Epos: asjas5826@mweb.co.za

Posbus 6687, Rustenburg, 0300

Die beeste loop op gemengde veldweiding in 'n strawwe hartwater, rooiwater en galsiekte veld.

Visie: Ons visie is om vrugbare, goed aangepasde, geharde, gladde haar diere te teel met 'n rustige temperament.



**BREEDERS OF
CHAMPIONS & PERFORMERS
LIKE EDUAN JAFTA
SINCE 1936**



Please visit us
on the farm or website
to view our cattle
and horses, as well as
animals for sale.

JABORN BRAUNVIEH

Japie Bornman
Mooi dam
Posbus 543
Bultfontein
9670



Sedert 1957 word met Braunvieh op Mooi dam geboer.

Vandag selekteer ons streng vir vrugbaarheid, funksionele doeltreffendheid en maak ons gebruik van wye genepoel.

Nog nooit is vroulike diere ingekoop, maar word daar gereeld bulle ingekoop van bekende telers in ons ras.

Finial Braunvieh Stud

Marius Labuschagne & Adrian van der Westhuizen

Email: adrian.vdwesthuizen@hotmail.com & mariusl1943@gmail.com

Cell: 083 299 0032 & 082 373 0771 & 087 985 1538

PO Box 120, Zeerust, 2865

Geharde Braunvieh uit top genetika op strawwe hartwater en galsiekte veld



HARRY MARKS BRAUNVIEH STOET

~ POSBUS 47, ZEERUST, 2865 • SEL: 082 388 2200 ~



PRAGTIGE BRAUNVIEH AANGEPAS OP HARTWATER
EN GALSIEKTE VELD IN DIE MARICO BOSVELD

Die Vleissentraal Nasionale Prestasietoetsklas word reeds vir meer as 25 jaar, jaarliks by die Pretoria Internasionale Skou aangebied. Aanvanklik het die aanwysing van die wenner berus op 'n puntetotaal wat verkry is deur die bul se prestasie-indekse (70%) en sy visuele voorkoms, gebaseer op funksionele doeltreffendheid (30%).

Dit was dikwels die bul met die hoogste prestasie-indekse wat as wenner bekroon is. Dit gaan egter nie om "uitskieters" te identifiseer nie, maar om bulle met bewese prestasie (soos gemeet in 'n gekontroleerde groeiproef) en uitsonderlike funksionele voorkoms te vertoon, waaruit dan 'n wenner op grond van binneras-norme aangewys word.

Hierdie verandering het onmiddellik meer bulle met minder ooglopende foute na die klas gelok. Uiteraard kwalifiseer alle bulle steeds op grond van hulle ver bogemid-

FASE C TE PRETORIA-SKOU

'n Hoogte punt van die Shalom Braunvieh stoet. Ons het die Braunvieh ras gaan verteenwoordig in die Fase C kompetisie met 'n pragtige bul. Dit was basies die begin van die Shalom stoetery. Ek was baie gelukkig en geseën om die bul, Showboy – PW 0726, wat deur Pat Wedmar geteel is, te kon koop.

In Pretoria is ons met ope arms ontvang deur Marinda van Veesentraal en bederf met geskenke, om nie eers te praat van die gasvryheid en alle reëlings wat getref is. Om al die beste bulle van verskillende rasse bymekaar te sien, sal enige beesboer se hart vinniger laat klop, dan kom die senuwees. Om jou bul daar te sien en vergelyk te word met al die beste bulle van die verskillende rasse is 'n prestasie om sy eie. Die aand se funksie was ook met baie moeite gedoen, en almal het baie lekker saam gekuier.

SENTRAAL LNR VLEIS

INTERRAS PRESTASIE TOETSKLAS

delde prestasiegegewens – 'n toets wat hulle reeds geslaag het.

Dit is dus nie 'n kompetisie tussen rasse nie – nie 'n interrassakompetisie nie – maar 'n skou waar die beste van alle rasse vertoon word en die voortreflikste bul, binne sy eie ras se standarde, as wenner aangewys word.

Hierdie voorwaarde maak dit natuurlik 'n baie groot uitdaging aan die beoordelaars wat goed ingestel moet wees oor wat daar in elke ras wat verteenwoordig word, aangaan. Die afgelope tyd word 'n paneel van drie beoordelaars gebruik.

Om as wenner van die Prestasietoetsklas uit te tree, beteken dat die bul met die verteenwoordigers van die ander rasse meegeding het en dat hy met die posisie wat hy binne sy ras beklee, beter geag is as die posisies wat ander deelnemers binne hulle eie rasse beklee.

Dit is 'n Bulprestasietoets vir vleis- en dubbeldoelrasse (tog maar ook mededingend ten opsigte van vleis) en daarom moet daar na vleiseienskappe, balans, teelpotensiaal, loopvermoë en veral manlikheid opgelet word. Hierdie eienskappe vorm gewoonlik die prentjie wat die wenner moet weerspieël om die ander goeie verteenwoordigers uit te stof.

Na die Pretoria skou was daar ongelooflik baie navrae na die ras en na my eie stoet. Dit was 'n groot advertensie vir ons beesras, sowel as vir ander telers.

Ek beveel regtig die Fase C toets aan, want Showboy is seun van Rick, wat ookal die Fase C gewen het, en ek hoop dat Showboy se seuns dieselfde padjie gaan loop.

Shalom groete, ABIE RADEMEYER



NASIONALE LNR/VLEISENTRAAL PRESTASIE TOETS SKOU PRETORIA 2011

Tydens die 2011 Vryburg skou word die bul Eduan Rilo's Jafta van die Eduan Braunvieh stoet genomineer om die Braunvieh ras tydens die lente skou te Pretoria in die LNR se fase C prestasie klas te verteenwoordig. Daar word dadelik raad gegee oor die voorbereiding van Jafta, hy moet ten minste 100kg swaarder wees, hy moet baie stap, reg stap en nog baie meer.

Die voorbereiding begin die volgende week met groot opgewondenheid, hoe gemaak met Rhodes se koue winters? Met groot sorg word 'n kombers gemaak om die hare kort te hou in die koue nagte wat tot minus 14°C kan daal. Baie ander doepas en voorbereiding word noukeurig aan die staljong Thulang gegee, want Gawie en Willem is nie voltyds daar om toesig te hou nie. Die eerste op 'n Vrydag was om te sien hoe vorder Jafta.

Die uitnodiging kom van Vleissentraal se Marinda van der Merwe met presiese aanduidings van die stal nr., grootte en alles wat 'n vertoner nodig het. Die groot dag breek aan en Jafta word gelaai en die lang tog na Pretoria begin en ons laai hom veilig by die stal af, hy het goed gery en lyk uitstekend; blink, kort van haar en net die regte kondisie, moet nou net goed rus vir die groot dag. Die bulle kom een vir een aan en stilweg word vergelykings gemaak. Wat is sy kans? word dikwels gewonder. Sy kans is goed is die algemene gevoel. As tweede jongste bul vergelyk hy goed en ons is vol vertroue dat hy sy man (bul) sal staan. Sy syfers is by verreweg die beste, jammer dit tel nie meer nie.

Tydens die voorbereiding was dit wonderlik om met die ander telers te meng en bande te smee. Deurgans was Marinda daar met hulp en bystand, spesiale hemde en geskenkpakke word uitgedeel, 'n ware ster en sekerlik 'n groot bate vir Vleissentraal. Marinda nogmaals baie dankie en baie geluk met 'n uitstaande vertoning.

Met die beoordeling wil Jafta nie goed loop nie en belemmer grootliks sy kans, nogtans steek hy nie die ras in die skande nie en almal neem deeglik kennis van die uitstekende Braunvieh ras. Die klas word gewen deur 'n Rooi Poenskop bul.

Baie dankie vir die voorreg om die geleentheid te kon hê, volgende keer probeer ons weer!

GAWIE EN WILLEM NAUDÉ



SPEZIALE INTERRAS PRESTASIE TOETSKLAS

PRETORIA SKOU

Om 'n bul in die klas te hê, was nog altyd een van my groot drome, wat nog te se wen! Dis n wonderlike voorreg om jou bul hier te kan vertoon, maar glo my die klas vreet erg aan die senuwees. In die eerste plek is dit nogal ver Pretoria toe van my af, dus is die rit nie altyd maklik met n bul op n wa nie. Partykeer is jy gelukkig en gaan lê die bul vir 'n ruk, maar die meeste van die tyd staan hulle die heelpad en hulle staan mos natuurlik nie stil nie. Om in die verkeer van Gauteng te ry is nog erger. Ek onthou met ons eerste bul, Rick, het 'n verkeersman seker gesien hoe benoud ek is en my deur die stad gehelp, pad gemaak ens., tot by die skou!

Die voorbereiding van die bul is maar dieselfde as vir 'n gewone skou, behalwe dat jy weet dat al die bulle wat daar is die beste in hulle ras is, so wat doen jy nou om JOU bul te laat uitstaan?? Ek sê altyd solank jou bul kan loop is jy klaar een van die gunsteling, dus moet die bulle regtig baie geoefen word en nie net heeldag op stal of in die kraal staan nie.

Christopher Braunvieh se bulle het die klas in 2005, 2006, 2007, 2008 en 2010 verteenwoordig. Ons het die klas al drie keer, met die bulle: Rick, Nampo en Buchan, gewen. Wat n wonderlike voorreg om die klas te kan wen en om sodoende baie promosie vir jou ras te kry.

Die klas is regtig 'n baie goeie advertensie vir jouself en die ras. Dis maar een van die bonusse wat jy kry, deur jou bulle in die Fase C toets te laat toets. Gedurende die klas neem mense regtig kennis van die ras. Vleissentraal, die borg van die klas, doen werklik moeite om die bulle te promoveer.

Wel, ek hoop ek kon 'n paar van julle oortuig om te begin met die Fase C toetsings - jy pluk op die ou end die vrugte van dit wat jy insit.

Groete,

CHRISTOPHER HAVENGA



WILLIE DU PLESSIS



presteer goed as suiwer ras

VANAF DIE VELD



40 SUIWER BRAUNVIEH OSSE AFGEROND

Die oogmerk van die toets was om jaaroud kalwers oor 'n tydperk van ses maande so ekonomies moontlik af te rond. Die kalwers het die hele tyd op die veld geloop met stelselmatige byvoeding wat uit drie fases bestaan het oor ses maande.

Deel een was drie maande: Januarie, Februarie en Maart het die osse op die veld geloop met 1kg Supermol per dag. Daar was 'n gemiddelde massa toename van 830 gram per dag per kalf. Die voerkoste wat gegee was, was R2.74 per kalf per dag. Dit laat jou met 'n wins van R10.54 per dag per kalf. Die deel van die proef het baie duidelik bewys dat die Braunvieh ras uitstekend op natuurlike weiding reageer.

Deel twee was twee maande: April en Mei was semi-intensief gevoer met 30% blaarkopmeel en 70% geelmieliepitte gemeng met SB 100. Gemiddelde massatoename oor die tyd was 1.47kg per dag per kalf.

Deel drie was een maand: Junie met die afronding was die ossies intensief gevoer met geelmieliepitte gemeng met SB 100. Dit het 'n ongelooflike groei van 1.97kg per dag per os gegee. Goeie hooi was gedurende die tydperk beskikbaar. Hierdie proef het weereens bewys dat suiwer Braunvieh kalwers ekonomies met Supermol op groen grasweiding kan presteer. Die intensiewe voertydperk het ook bewys dat suiwer Braunvieh osse baie ekonomies afgerond kan word.

SLAG RESULTATE

Ek het die graderingsproses by die die Welkom slagpale bygewoon. Karkas massa was gemiddeld 252.1kg met slagpersentasie van 57.7% vir Graad A2. Die gradeerder se kommentaar: Mooi lang een-vormige karkasse met eweredige vet verspreiding. Bouvorm 3 en 4 wat as ideale karkas bouvorm gereken word.

12 S.P. BRAUNVIEH BULKALWERS

L.N.R FASE D VELDGROEITOETS TOETSNOMMER: D11BB5200901

Aanvang van toets: 14 September 2009

Einde van toets: 12 Maart 2010

Toets was gedoen op groen soetveld weiding met geen kragvoer bygevoeg.

Bulkalwers het die volgende voermol per dag ontvang vir die volgende tydperk:

14/09/2009 tot 14/12/2009: 1kg Supermol per dier per dag.

14/12/2009 tot 12/03/2010: 2kg Supermol per dier per dag.

Die ongelooflike massatoename van gemiddeld 1096 gram/dag/kalf kan ek alleenlik toeskryf aan die Braunvieh ras se vermoë om op natuurlike weiding sulke uitstaande resultate te lewer.






Dairy-Smid

Cattle Hoof Trimming and Consulting

www.dairysmid.co.za



VIND UIT WAAROM MEER BOERE DIE PROFESSIONELE HOEFSMEDE GEBRUIK



- Professionele klouversorging
- Voorkoming van mankheid
- Sukksesvolle behandeling van mankheid
- Professionele advies en konsultasies

Gauteng
Heidelberg
Jaco de Bruin
082 854 6970

Southern Cape
Riversdale
Wessel Serfontein
082 498 5064

Kwazulu Natal
Howick
Fanie de Bruin
082 929 0775



**Bulle &
vroulike diere
beskikbaar!**

Kontak Jaap of JC Dreyer

Sel: 082 857 5302 & 079 529 6110

Epos: dreyerlin@mweb.co.za • Posbus 632, Zeerust, 2865

Kontemporêre Groepe

LNR-DIEREPRODUKSIE-INSTITUUT, PRIVAATSAK X2, IRENE, 0062 SUID-AFRIKA

TEL. +27 (0)12 672 9145, SEL +27 (0)82 801 2026, E-POS: LESLIE@ARC.AGRIC.ZA

AGTERGROND

Een van die belangrikste aspekte in prestasietoetsing en teelwaarde beramings is behoorlik gedefinieerde kontemporêre groepe. 'n Kontemporêre groep is 'n groep diere wat aan presies dieselfde omgewingstoestande blootgestel is, met ander woorde hulle is in dieselfde kudde, jaar en seisoen gebore en het presies dieselfde voeding en behandeling ontvang. Nadat aanpassings vir bekende effekte soos geslag en moederouderdom aangebring is, is oorblywende verskille tussen diere as gevolg van genetica en is dit moontlik om teelwaardes vir die eienskap te beraam op grond van daardie verskille. Die swaarder kalwers in 'n kontemporêre groep vir geboortegewig sal byvoorbeeld die hoogste geboortegewig teelwaardes kry.



vir Geboortegewig

LESLIE BERGH & HELENA THERON

Soms word kontemporêre groepe nie korrek saamgestel nie, soos byvoorbeeld swak of foutief gedefinieerde seisoene, te groot ouderdomvariasie, diere wat van een groep na 'n ander geskuif is en diere wat aan die verkeerde bestuursgroep toegeken is. Dit veroorsaak dat omgewingseffekte verkeerdlik aan genetica toegedig word. Indien kalwers wat byvoorbeeld op 'n plaas met goeie weiding groot word, in dieselfde kontemporêre groep geplaas word as kalwers wat op 'n plaas met swak weiding groot word, sal die kalwers op die goeie plaas se speenindekse almal hoog wees en sal hulle hoë teelwaardes kry, en omgekeerd vir die ander groep. Daardie teelwaardes is dan natuurlik nie 'n ware aanduiding van hul genetiese vermoë nie. Wanneer hierdie kalwers egter vir ander eienskappe (byvoorbeeld speengewig) gemeet word, of as hulle nageslag geweeë word, sal die teelwaardes verander en 'n meer korrekte aanduiding van hul genetiese vermoë gee.

Kontemporêre groepe moet dus op so 'n wyse gedefinieer word dat die speelveld gelyk is: omgewingsinvloede moet so na as moontlik aan dieselfde wees vir alle diere binne 'n bepaalde groep, uitgesonder daardie effekte waarvoor daar aanpassings gemaak word (byvoorbeeld geslag en moederouderdom) in die evalueringsmodel. Korrek gedefinieerde kontemporêre groepe saam met goeie genetiese koppelings tussen groepe, verseker dat BLUP die genetiese en omgewingseffekte effektief kan skei binne 'n bepaalde groep.

GEBOORTEGEWIG GROEPKODE

Vir BLUP ontledings van geboortegewigte, word kalwers tans in kontemporêre groepe ingedeel volgens kudde en geboortedatums van die kalwers. Tyd en ondervinding het egter geleer dat hierdie prosedure nie in alle gevalle voldoende is nie, en dat dit meer akkuraat deur die teler self gedoen kan word. Die huidige sisteem maak byvoorbeeld nie voorsiening vir kalwers wat swaarder of ligter as ander kalwers is bloot omdat hulle moeders op 'n ander plaas of in 'n ander bestuursgroep (met beter of slegter voeding as die res) was nie. Hoewel die huidige sisteem wel kalfseisoen in ag neem, is dit nie altyd voldoende om geboortegewig verskille tussen kalwers wat vroeg of laat in die kalfseisoen gebore is in ag te neem nie.

Telers kan nou self die geboortegewig kontemporêre groepe saamstel, ongeag wanneer die kalfseisoen van sy kudde presies begin en eindig. Dit word eenvoudig en maklik gedoen deur 'n nuwe veld, naamlik die Geboortegewig Groepkode in te vul saam met die geboortegewig van kalwers.

Om dit vir 'n teler te vergemaklik om verstaanbare, unieke kontemporêre groepe saam te stel, word die Geboortegewig Groepkode as volg opgemaak uit die Jaar-, Seisoen- en Plaas/Bestuursgroep:

In die **eerste twee karakters** word die **jaar** waarin (die meeste van) die betrokke groep kalwers gebore is ingevul, byvoorbeeld "11" vir kalwers in 2011 gebore en "12" vir kalwers in 2012 gebore.

In die **volgende twee karakters** word 'n kode ingevul vir die **seisoen** waarin die betrokke groep kalwers gebore is. Op grond van onlangse navorsing oor die invloed van maand van geboorte op geboortegewig, beveel ons aan dat **dieselfde seisoenkode toegeken word aan kalwers wat se ouderdom nie meer as twee maande verskil nie**. Indien 'n kalfseisoen byvoorbeeld 90 dae lank is, gee dan een seisoenkode vir die kalwers wat in die eerste 45 dae gebore is en 'n volgende seisoenkode vir die kalwers wat die laaste 45 dae gebore is. Vir hierdie doel gee ons die volgende agt seisoenkodes waaruit jy kan kies:

SEISOEN	KODE	KALWERS GEBORE IN MAANDE*
Vroeë Lente	VL	Augustus, September, Oktober
Laat Lente	LL	Oktober, November, Desember
Vroeë Somer	VS	November, Desember, Januarie
Laat Somer	LS	Januarie, Februarie, Maart
Vroeë Herfs	VH	Februarie, Maart, April
Laat Herfs	LH	April, Mei, Junie
Vroeë Winter	VW	Mei, Junie, Julie
Laat Winter	LW	Julie, Augustus, September

* Let asseblief op dat die maande van aangrensende seisoene oorvleuel. Dit is om voorsiening te maak dat jy die betrokke seisoenkode(e) kan kies volgens jou spesifieke kalfseisoen. Indien jou kalwers byvoorbeeld van 1 September tot 30 November gebore word, dan gee jy seisoenkode "VL" vir die kalwers gebore 1 Sep – 15 Okt en seisoenkode "LL" vir die kalwers gebore 16 Okt – 30 Nov. Let ook op dat die Vroeë Somer seisoen die enigste seisoen is waar kalwers gebore in twee verskillende jare in dieselfde seisoengroep kan wees, byvoorbeeld kalwers gebore in Desember 2010 en Januarie 2011 se groepkode sal 10VS.. wees.

In die **laaste twee karakters** word 'n vry-keuse kode ingevul vir die **plaas en/of bestuursgroep**, byvoorbeeld UA vir die kalwers van die plaas Uitkyk waar die koeie op Aangeplante weiding geloop het en UV vir die kalwers van die plaas Uitkyk waar die koeie op Veld weiding geloop het.

VOORBEELD

Kom ons gee 'n voorbeeld om bogenoemde te illustreer: 'n Teler met die naam Piet het twee plase, plaas B by Bethlehem en plaas E by Escourt. Op die Bethlehem plaas loop die koeie die hele kalfseisoen op aangeplante weiding en op die Escourt plaas op natuurlike weiding. Op die Bethlehem plaas kalf die koeie van 1 September tot 31 Oktober (2 maande). Op die Escourt plaas kalf die koeie van 1 September tot 30 November (3 maande). Die kalwers wat later in die seisoen op die Escourt plaas gebore word, is swaarder as die kalwers wat vroeër in die seisoen gebore word. Vir kalwers gebore in 2011 gaan Piet se Geboortegewig Groepkodes as volg daar uitsien:

11VLBA – 2011 se Vroeë Lente kalwers gebore 1 Sep – 30 Okt op die Bethlehem plaas op Aangeplante weiding

11VLEV – 2011 se Vroeë Lente kalwers gebore 1 Sep – 15 Okt op die Escourt plaas op natuurlike Veld

11LLEV – 2011 se Laat Lente kalwers gebore 16 Okt – 30 Nov op die Escourt plaas op natuurlike Veld

HOU IN GEDAGTE:

Die invul van 'n Geboortegewig Groepkode is tans nie verpligtend op INTERGIS nie, maar telers word sterk aangeraai om, waar moontlik, dit aan te teken indien kalwers by geboorte geweeg word.

Die **maksimum** ouderdomsvariasie wat toegelaat word vir kalwers met dieselfde Geboortegewig Groepkode is 60 dae.

Slegs kalwers wat in dieselfde omgewing en tydperk gebore word, hoort in dieselfde groep. Waak egter ook daarteen om kalwers onnodig in klein kontemporêre groepies te verdeel. Probeer dus groepe so groot as moontlik hou, mits die omgewing dieselfde is vir almal in groep. Indien 'n groep van 50 kalwers wat in dieselfde kalfseisoen gebore is byvoorbeeld in twee kontemporêre groepe verdeel moet word as gevolg van 'n seisoenseffek, is dit beter om twee groepe van ongeveer 25 kalwers elk te maak as om een groep van 48 kalwers en een van 2 kalwers te maak. (Poog om, sover moontlik, minstens 5 kalwers van 2 vaders saam in 'n groep te plaas).

BEEFPRO

In die volgende opgradering van BeefPro sal daar voorsiening gemaak word op die Kalwingskerm vir 'n nuwe Geboortegewig Groepkode veld. Daar sal ook voorsiening wees vir 'n nuwe opstelling funksie (by Opstellings > Geboortegewig Groepkode) waar die teler self Geboortegewig Groepkodes kan opstel met bogenoemde as riglyne. Hy kan dan 'n verstek kode kies vir 'n betrokke groep kalwers (soortgelyk aan die Kalfseisoen opstellings) en hierdie kode word dan ingevul op die Kalwingskerm in die Geboortegewig Groepkode veld.

LOGIX

In Logix het ons op die nuwe Geboortekennisgewing skerm voorsiening gemaak vir 'n Geboortegewig Groepkode veld waar die kode ingevul kan word met bogenoemde riglyne.

GEBOORTEKENNISGEWINGSBOEKE

Telersgenootskappe sal, wanneer hulle nuwe geboortekennisgewingsboeke druk, die Geboortegewig Groepkode moet byvoeg. Intussen kan telers wat nog ou boeke gebruik en die Geboortegewig Groepkode wil invul, met SA Stamboek skakel om te hoor waar op die vorm hulle dit kan byvoeg.

HISTORIESE DATA

Die nuwe Geboortegewig Groepkode sal slegs geld vir kalwers gebore vanaf die 2011 lenteseisoen. Historiese data kan ongelukkig nie verander word nie. Let wel dat hierdie slegs 'n verfyning van die huidige stelsel is en dat daar nie verwag word dat dit 'n groot effek op huidige diere se teelwaardes sal hê nie, omdat teelwaardes in elk geval gedurende effe verander soos wat ander eienskappe of nageslag gemeet word.

MANYEDI BRAUNVIEH

*"My love for the Braunvieh
inspired me to pursue the best breed
that makes an impact in CATTLE BREEDING"*



JS Manyedi, PO Box 3402, Mmabatho, 2735
Contact me at 071 492 5755 • Email: eva.manyedi@nwu.ac.za

UIT DIE BOER SE MOND

HELMUTH STEHN

Om hierdie vraag te beantwoord, moet daar na die begin van ons boerderyloopbaan gekyk word.

Pas uit die universiteit uit, het 'n mens baie teoretiese kennis en idees, wat in 'n teelstelsel ingebou behoort te word, o.a. dat kruisteling baie groot voordele inhou bo suiwer kommersiële teling en dat die moederlyn in 'n kruistelsel verkieslik 'n inheemse ras behoort te wees. Met dit in gedagte en die gegewe omstandighede op die familieplaas, wat ons bevoorreg was om te kon oorneem, (diep, diep sand met veld van 'n lae voedingswaarde, 'n laag vrugbare kudde, koeie met min melk en diere van 'n onaanvaarbare klein raamwerk), het ons begin veranderings aanbring. Hoewel ons besef het dat beter bestuur die belangrikste verandering sou moes wees, het ons steeds besluit om ook 'n ander teelstrategie te volg. Die Sanga is ingebring as inheemse ras (veral omdat die ras as baie vrugbaar bekend is, klein kalwers gee en omdat ons aanpasbaarheid vir droogtetoestande belangrik geag het.) en Braunvieh is ingebring om raamwerkgrootte en veral die melk aan te spreek. Die temperament van die ras en die feit dat my grootouers in die tye van die veldmelkstelsel die ras as aangepas vir ons plaas ervaar het, was verdere oorwegings. Hoewel op die stadium die ideaal was om 'n terminale kruistelsel te volg, het ons eers alle verse uit hierdie teling vir vervanging gebruik om getalle te vermeerder. In die proses het ons baie belangrike lesse geleer. Dit het geblyk dat die Sanga/ Braunvieh kruiskoeie uitstekende moeders was met baie melk. Die droogte in die 1990's het ons verder geleer dat 'n mediumraam, harde Braunviehbees net so droogtebestand was as ons meer suiwer Sangas. Dit het die deurslag gegee vir waarmee ons vandag besig is.

Ons volwasse koeikudde bestaan vandag om die helfte uit feitlik suiwer (ongeregistreerde) Braunviehkoeie, wat ook met 'n suiwer Braunviehbul gedek word. Die ander helfte bestaan uit Sanga/Braunvieh kruiskoeie, wat ook met suiwer Braunviehbul gedek word. Alle verse en eerstekalkoeie word met 'n Sangabul gedek. Verse word geselekteer op grond van prestasie en visuele voorkoms en vrugbaarheid (TKP) en koeidoeltreffendheid (Koeimassa met speen vs. Speenmassa van kalf). Althoe hierdie kriteria plaas druk op volwasse koeimassa.

Daar word probeer om harde, mediumraam Braunviehbulle te gebruik (volwasse massa op die veld 700 – 800kg). Ons koeie (kruis, sowel as Braunvieh) het 'n volwasse massa van 450 – 500 kg en verse weeg gewoonlik 350 tot 380 kg met eerste paring op 18 tot 22 maande ouderdom.

Bemaking geskied na Meatco. Ons lewer oorwegend AB osse van 230 – 250 kg slaggewig. Die reënseisoene het uiteraard 'n groot invloed op die gewigte. Die ondervinding het ons geleer dat die Sanga/Braunvieh kruisosse feitlik altyd direk vanaf die veld gelaai kan word, maar ligter is as die suiwer Braunvieh-osse. Laasgenoemdes het egter by tye afronding nodig om nie 'n 0 vetheidsgraad te slag nie, maar rond maklik af, terwyl die meer Sanga tipe kruisosse nie reageer op afrondvoer nie.

'n Lekker meevallertjie van ons teling is dat feitlik enige eerstekalkoei geskik is om vir huisgebruik gemelk te word. Ons melk tans suiwer Braunvieh-koeie sowel as Sanga/Braunvieh kruiskoeie en het altyd oorgenoeg melk en vet melkkalwers.

Opsommend kan uit ons sig die volgende oor Braunvieh vir kommersiële teling gesê word:

- Die ras het die vermoë om 'n swaar speenkalf te lewer a.g.v. die baie melk.
- Die huidige graderingstelsel (min vet karkas bo 230kg) word deur die ras bevredig.
- Die lieflike temperament maak die ras maklik hanteerbaar.
- Daar bestaan baie Braunvieh-beeste in ons land wat netso goed aanpas by ons boerderyomstandighede as inheemse rasse.
- Braunvieh is geskik vir ekstensiewe beesboerdery. Daar is minimale probleme t.o.v. kalwing, soog, kloue, oë, ens. (bulkeuse en seleksie is belangrik).
- Daar bestaan geen rede hoekom Braunvieh nie as 'n suiwer ras vir kommersiële teling gebruik kan word nie. Weet ons aldag wat ons met kruisteling bereik/wil bereik, of is dit net die In-Ding om te doen?
- Kommersiële Braunvieh verse is in aanvraag as melkkoeie op plase en as moeders vir kruisteling.
- Variasie in tipe binne die ras is belangrik om verskille in boerderyomstandighede en kopersvoorkeure aan te spreek. Die Braunvieh-ras in ons land het dit tans en moet behou word.



Braunvieh Moederlyn

Wanneer 'n mens sou soek na 'n moederlyn hoef 'n mens nie verder as die Braunvieh koei te kyk nie.

Vir suiwer teling sowel as kruisteling is die Braunvieh moeder een van die beste moeders, beskermend teenoor haar kalf, maar sal toelaat dat 'n honger kalf ook 'n slukkie melk sal kry. Dit is algemeen bekend dat 'n Braunvieh koei op 'n ouderdom van 15 jaar haar kalf met groot gemak kan grootmaak.

Die koei op die foto het 18 jaar oud geword. Benewens eenling kalwers het sy twee tweeling van haar eie grootgemaak. Sy het daarby ook nog twee tweeling grootgemaak van kalwers wat ons by ander koeie weggevat het en vir haar gegee het, boonop was sy 'n melkkoei, snags is die kalwers afgehou. Soggens is sy gemelk vir die huis en bedags het die kalwers saam met haar in die veld geloop. Wat sê dit vir ons? 'n Dubbeldoel koei by uitstek, melk en vleis, 'n moeder duisend. Haar naam was Vaaltyn.

KRUISTELING

CHRIS JOOSTE LANDBOUWEEKBLAD 27 MEI 2005 NO. 1402

Ideale kruisdiere VIR DIE VOERKRAAL

Nadat die boer meer as 'n dekade gelede stoetteling laat vaar en op 'n kruisteelprogram vir die produksie vir voerkrale konsentreer het, het hy begin om die ideale kruisdiere te teel - geharde diere met goeie vleis- en melkeienskappe. In 'n kruisteelprogram waarin Brahman-, Braunvieh- en Charolaisbulle in 'n spesifieke volgorde gebruik word, het mnr. Bruce Hunt van die plaas Vaalboschputs, naby Warrenton, nou na sy mening die regte "resep" gevind om die ideale kruisdiere te teel.

Met die bulle en 'n gestandaardiseerde kudde teelkoeie kan hy die kalwers lewer wat die voerkrale graag wil hê. Hy het die ervaring daarvan, want hy is buiten boer ook veekoper vir meer as een voerkraal.

Toe Hunt in 1992 stoetteling vir 'n kommersiële beesboerdery verruil het, het hy vir homself die doelwit gestel om 'n geharde bees te teel wat droogtes kan oorleef en goed kan loop, met goeie vleiseienskappe en genoeg melk om kalwers goed groot te maak. Daarvoor het hy 'n goeie dubbeldoelras nodig gehad vir die vleiseienskappe asook 'n geharde ras.

Sy teelprogram het aanvanklik daaruit bestaan dat hy Hollandse Friesbulle, wat as uitstaande dubbeldoeldiere beskou is, by Brahmankoeie gebruik het. Op die kruisverse het hy weer Brahmanbulle gebruik wat vir hom kruisdiere gegee het wat 75% Brahman en 25% Hollandse Fries was, 'n kruising wat vir hom te veel na Brahman geneig het. Hollandse Friesteling het in daardie stadium ook al hoe meer op melkeienskappe gekonsentreer, wat die dubbeldoel-eienskap van die ras laat verdwyn het. Omdat 'n dubbeldoelras se vleiseienskappe en veral sy melkproduksie vir hom belangrik is, het hy ander dubbeldoelrasse in sy kudde begin gebruik.

Nadat proefnemings met ander dubbeldoelrasse nie die gewenste resultate opgelewer het nie, gebruik Hunt nou net Braunvieh-bulle. Die resultaat is teeldiere met die gehardheid en loopvermoë van Brahmane met die effens groter raam van die Braunvieh met goeie melk- en vleisproduksie. Hy glo die kruiskoeie is die ideale teeldiere.

Om meer gewig (vleis) te kry wat die voerkrale vereis, gebruik hy Charolaisbulle op die teelkoeie. Hunt se kruisteelprogram het 'n

volgorde en begin met Braunviehbulle by Brahmanverse.

Die volgende verse gaan na 'n Brahmanbul. Die laaste skakel in die ketting is die verse wat dan by Charolaisbulle kom. Daarna word al die diere verkoop. Die boerdery is net om kalwers vir voerkrale te lewer. Kalwers word van 7 tot 7,5 maande gespeen. In 'n swak jaar speen die kalwers gemiddeld 243kg. In 'n goeie jaar is die gemiddelde speengewig 268kg.

Geen dekseisoen word toegepas nie - veral omdat dit sou beteken dat minder kalwers in droë tye aankom. Die koeie wat vanaf 1 Oktober tot die einde van Maart kalf, word in aparte kuddes met bulle geplaas. Alle koeie wat nog nie gekalf het nie, word in April vir dragtigheid getoets. Die wat nie dragtig is nie of vroeg dragtig is, word uitgeskot. Diere wat nie kalf nie, word nie behou nie. Koeie en verse van verskillende ouderdomme word bymekaar aangehou vir beter en makliker bestuur.

Verse word op 'n gewig van 350kg die eerste keer by die bul geplaas - in Desember en Januarie om die diere in die regte siklus te kry. Gemiddeld 25 koeie of verse word by elke bul geplaas.

Normaalweg word gemiddeld 450 verse per jaar vir vervangingsverse teruggehou. Omdat die vorige jaar 'n droë jaar was en net 350 verse gehou is, is vanjaar 600 tot 700 verse vir vervanging teruggehou.

Met die teelbeleid waarvolgens die teeldiere uit 75% Brahman en 25% Braunvieh bestaan, word die tipes in die boerdery verminder totdat net groepe van 50/50 Brahman en Braunvieh en 75/25 Brahman en Braunvieh oorbly. Hunt glo die kombinasie gee die maksimum rand per hektaar.

Op die manier is die kudde ook gestandaardiseer en baie eenvormig - vir Hunt 'n belangrike aspek van 'n geordende boerdery. Voorheen was daar meer groepe en tipes.

Om die beste teelkoeie te verseker, gebruik Hunt al die afgelope vier jaar sowat 70 Braunviehbulle. Van die drie verskillende rasse word 140 bulle in die boerdery gebruik, met 20 tot 30 spaarbulle. Bulle word gereeld vervang en hy koop gereeld nuwe bulle by stoettelers.

Hunt sê hy is nou op die punt met sy boerdery waar hy sy mikpunt bereik het van eenderse, geharde diere wat droogtes kan oorleef, goed kan loop en met genoeg vleis (wat die voerkrale wil hê) en goeie melkeienskappe om kalwers groot te maak.

KRUISTELING

Die Braunvieh het besondere eienskappe wat die ras uiters geskik maak vir kruisteel-doeleindes.

- Die Braunvieh het 'n onmiddellike positiewe impak op enige kommersiële beesras in kruisteling. Geen wonder dat daar in die meeste lande ter wêreld, naamlik in 49 lande, suksesvol met die Braunvieh gekruis word.
- Die eerste kruiskoeie het baie meer melk, goeie uiers en spene en 'n verbeterde bouvorm en konstitusie en speen kalwers met 'n hoër gewig as die norm.
- Kalwers beskik oor goeie vleiseienskappe, groei vinnig en het 'n goeie voeromsethouding – wenners in die voer kraal.
- Die Braunvieh maak enige beesras rustiger, verhoog die groeitempo en plaas meer geld op speenouderdom in die boer se sak.
- Die Braunvieh- en Braunviehkruiskalwers bereik speengewig vir die speenkalfmark reeds op die ouderdom van tussen 5 tot 6 maande. Koeie kan dus gouer gespeen word en geld is gouer in die boer se sak.

MARINDA SMIT - RINDIE STOETTELERS

Ek is op Kuruman gebore op 16/10/71 en het groot geword op die plaas Ingedag in die VanZylsrus omgewing. Ek het skool gegaan op Deben en het gematrikuleer by Kathu Hoërskool. Na my pa oorlede is het hy vir ons grond nage-laat. Na matriek in 1990 het ek besluit om plaas toe te kom en te boer op my plaas Rogella.

Ek boer met Brahman en Simmentaler koeie waaruit ek Simbras teel. Ek teel self my vervangingsverse en het in 2000 my eerste Braunvieh stoetbul by Mnr. Hampie van Zyl van die Beaulieu stoet by Dibeng gekoop. Die bul was Glattbrugg Mozart uit Baer Schwarzenberg en Mosel Felsberg. Ek het besluit om die Braunvieh bul op die Simbra koeie te gebruik omdat ek meer vleis en beter bouwvorm kalwers wou teel met 'n beter speengewig en so meer geld in my sak. Omdat dit dubbeldoelrasse is het die koeie meer melk wat tot gevolg het dat die kalwers vinniger en beter groei. Ek bemark my kalwers tussen 6-7 maande met 'n gemiddelde speengewig van 250-260 kg. Van 2000 af het ek met gereelde tussenposes bulle van Mnr. Hampie van Zyl van die Beaulieu stoetery gekoop en uitstekende resultate behaal. Huidiglik gebruik ek vier Braunvieh bulle by Simbra koeie waaruit ek speenkalwers teel. Die laaste twee jaar neem ek aan slagos kompetisies deel waarin my kalwers baie goed presteer. Ek noem hulle sommerkies my Sim- Swisse. Die kalwers vaar uitstekend in die voerkraal en het 'n GDT van 1,6 tot 2 kg oor 120 dae voertydperk behaal. Ek is nog 'n beginner in die slagos kompetisie, maar ten spyte daarvan het ek goeie resultate behaal en verbeter jaarliks.

Ek het November 2009 my eerste 5 Stoet Braunvieh koeie by Mnr. Hampie van Zyl gekoop. Ek beoog om nog stoet vroulike diere aan te skaf en as 'n stoetteler te registreer.

In die tien jaar wat ek Braunvieh bulle in my telingsprogram gebruik het, het die volgende eienskappe van die ras my beïndruk. Hulle aanpasbaarheid in die strawwe Kalahari toestande, het goeie moederseienskappe en baie melk. Die ras is ook bekend vir hulle goeie temperament. Ek ondervind geen kalwingsprobleme op my koeie nie. Die kalwers handhaaf 'n goeie groeitempo in die veld en in voerkraal toestande. Die korrekte en doeltreffende bestuur van my beeskudde is vir my baie belangrik. Ek glo aan goeie lek en weidingspraktyke. Parasietbeheer en 'n goeie dosseer- en inentingsprogram. Dit is belangrik om gereeld tussen my diere te beweeg. Ek glo aan die spreukwoord "The eye of the breeder fattens the cattle".

My geloof in my Skepper het my deur die harde Kalahari toestande deur voorspoed en teenspoed gedra en ook deur die uitdagings wat ek as vroueboer ondervind het. My doelwitte vir my boerdery en lewe is: Fil. 4:23 Ek is tot alles in staat deur Jesus Christus wat my krag gee. Mark. 9:23 B : Vir die een wat glo kan alles. Spr. 16:3 Laat wat jy doen aan die Here oor, dan sal jou voornemens geluk. Alle eer en dankbaarheid aan die Here vir wat ek in die 20 jaar wat ek boer vermag het.

PIKKIE ROBERTS

Baie dankie vir die geleentheid om die bietjie kennis van beesboerdery wat ek die afgelope 14 jaar op die Plaas, Belmont, distrik Rouxville opgedoen het met u te kan deel. Hoewel ek op 'n plaas in Namibië grootgeword het (Kamanjab/Outjo distrik), kan 'n mens vandag nie dink jy kan met die verwerwe kennis net op 'n plaas instap en suksesvol boer nie. Daar is vandag soveel veranderlikes wat in berekening gebring moet word. In Namibië het my vader met Afrikanerbees geboer. Ons het ongeveer 200 koeie daaglik met die hand gemelk. Aangesien dit die grootste bron van inkomste was, moes hy verbetering in melkproduksie bewerkstellig. Bruinswitsers bulle was ingekoop vir die doel. Daar het my paaie al met die Braunvieh gekruis. Op 14jarige ouderdom het my vader die plaas verkoop (1969). Na my skoolloopbaan het ek by die S.A. Polisie aangesluit en in 1997 is ek met 'n pakket uit die polisie. Aangesien en nog altyd 'n passie vir boerdery gehad het, het ek besluit om te gaan boer. So het ek die plaas Belmont in 1998 gekoop.

Aanvanklik het ek besluit om met Dorper skaap te boer. Met dit saam het ek 11 Simbra verse, 2 Drakensberger koeie en 7 rooi Brahmanverse gekoop. Na 'n jaar het ek besluit om met wit Brahman te boer en het my kalwers vir wit Brahman verskalwers by my buurman geruil. Soos die tyd gevorder het, het ek besef dat skaapboerdery nie my passie is nie en het ek stelselmatig oorgegaan na beesboerdery. Ek het geen koeie of verse ingekoop nie en my beeskudde opgebou uit vervangingsverse van my beter koeie. Hoewel ek dink ek redelik goed geselekteer het, het ek gevind dat die tussenkalfperiode van my koeie te groot is en dat die kalwers te lig weeg wanneer hulle gespeen en verkoop word. Op hierdie stadium het my koeikudde hoofsaaklik uit wit Brahman en Simbras bestaan. Slegs wit Brahman bulle was gebruik.

In 2004 het ek al my skape verkoop en my hoofsaaklik op beesboerdery toegespits. Ek het besef dat ek daadwerklik aan die volgende aspekte dringend aandag moet gee:

- Rekenaarbestuursprogram om data soos bv. kalfdatums, speendatums, gewig van kalwers, inkomste verkry, vrektes, vervangings, tussenkalfperiodes, ouderdom van koeie, aantekening van vers- en bulkalwers, ens. aan te teken.
- Omdat Brahman beeste as gevolg van die koue toestande in die winter en suurveld van hierdie omgewing, nie goed hier aard nie, moes ek kyk na 'n ander ras wat by hierdie omgewingstoestande inpas. Tussenkalfperiodes moet verkort en kalwers moet by speen die beste moontlike (swaarste) gewig bereik sonder om byvoeding te ontvang. Vleisproduksie per hektaar moet 'n groter rol speel as Rand



per kilogram vleis.

- Om 'n vrugbare koeikudde op te bou wat terselfdertyd instaat is om hul kalwers tot op 7 maande ouderdom van melk te voorsien. 'n Gemiddelde speengewig van 245 kg is as doelwit gestel.
- Omdat die omgewingstoestande hier goed vergelyk met die Europese toestande, moet bulle wat in die toestande aard ingekoop word vir kruisteling met bestaande koeikudde.

Met die lees van 'n artikel in die Landbouweekblad wat oor die Braunvieh beesras gehandel het, het ek daar en dan besluit om Braunvieh bulle in te koop. In die jaar 2005 het ek twee Braunvieh-bulle by Oom Tappies Erasmus aangekoop. Ek het twee

wit Brahmanbulle vir my koeikudde oorgehou en het in 2008 die laaste een verkoop. Vandaaraf gebruik ek slegs Braunviehbulle. 'n



Rekenaar bestuursprogram is ontwikkel. Net basiese inligting word ingevoer en alle ander verlangde inligting en vergelykings word deur die program self verwerk. Die program word daaglik vanaf 2005 stiptelik bygehou.

Vanaf 2005 het ek gevind dat daar by die kruising van Braunvieh-bulle met die verskillende ras koeie waarmee ek boer, 'n fenominale verbetering in vleisproduksie by speenkalwers was. Gewigsgewys het my speenkalwers se gemiddelde gewig vanaf 220kg na 254kg verbeter. Hoewel daar vir speenkalwers swaarder as 240kg minder per kilogram betaal word as vir kalwers tot 240kg, het ek gevind dat dit steeds die moeite werd is om swaarder speenkalwers te bemark. Waar moontlik word alle speenkalwers op die ouderdom van 7 maande bemark. Soms word kalwers wat in Januarie aankom, in middel Junie (6 1/2 maande) bemark.

Braunvieh's en Braunvieh kruisings pas uitstekend aan in die omgewing waar ek woonagtig is.

Bosduiwekop Braunvieh Stoet

*Kalwers van Eduan Hector binnekort beskikbaar.
'n Medium raam bees wat op Karooveld aard.
Vrugbaarheid en goeie temperament n vereiste.*



KRUISTELING

KRUISTEEL MET BRAUNVIEH



BRAUNVIEH X AFRIKANER



BRAUNVIEH X NGUNI



BRAUNVIEH/BRAHMAN X OSSE



BRAUNVIEH X CHAROLAIS



BRAUNVIEH X BONSMARA



BRAUNVIEH X BRAHMAN

We will make sure your herd delivers the most tender meat...



...when cutting through your opponent's pride!

DNA-profile
Red & Black colour gene
Pompe Disease
CMS
Arthrogryposis Multiplex
(Curly Calf Syndrome)
Freemartinism

www.unistelanimalservices.co.za
Tel: +27 (21) 938 9213/4



GeneSTAR®

MVP's - 56 genetic marker system

 **igenity®**

Dairy & Beef markers:

Feed Efficiency,
Calving Ease, Meat &
Milk Quality, Carcass
Traits, Stayability and
docility, etc.

BRAUNVIEH

Boeredae....



MOTHOAGAE

BRAUNVIEH STUD



Contact MC Mothoagae for
top Braunvieh bulls, adapted to the heart water and gall sickness area in the Marico Bushveld.
PO Box 5226, Mmabatho, 2735 · Cell: 083 745 5211

TEELBULLE

Een van die belangrikste stappe in die genetiese verbetering van 'n kudde, is die keuse van 'n teelbul. Die keuse behoort nie moeilik te wees nie. Indien jy 'n teelbul kies op dieselfde manier as wat jy 'n nuwe werknemer aanstel, is jy op die regte pad. Geen werkgewer sal iemand aanstel as hy niks van hom of haar weet nie. Net so behoort geen produsent 'n bul te koop as hy niks van hom weet nie.

'n Werkgewer sal ook nie iemand aanstel net omdat hy of sy 'n geboortesertifikaat het nie. Net so is 'n bul se registrasiesertifikaat alleen nie voldoende nie. Dit is belangrik om ook inligting oor die bul se prestasie te hê. Of hy nou vir stoet- of kommersiële doeleindes gebruik gaan word, 'n bul moet op prestasie geselekteer word. Kies 'n ras of bul wat by jou produksiestelsel en omgewing inpas.

Dan bepaal jy sy "posbeskrywing". Bepaal wat die spesifieke kudde benodig: is dit vrugbaarheid, vinniger groei, groter of kleiner koeie, meer melk of hoër speengewig?

Identifiseer die bul

'n Registrasiesertifikaat is 'n bul se "identiteitsdokument" en dui aan dat dit van 'n spesifieke ras is en aan minimum rasstandaarde voldoen. Dit bevat stamboom-inligting en mag ook sekere prestasie-inligting bevat. 'n "Bosbul" is die ekwivalent van 'n onwettige immigrant. Die prestasie-inligting behels die bul se kwalifikasies, terwyl teelwaardes sy CV is en na sy waarde vir 'n spesifieke eienskap in 'n teelprogram verwys.

Met al hierdie inligting kan jy nou 'n kortlys saamstel, waarna jy "onderhoude voer" met jou kortlys-kandidate deur na elke bul te kyk, veral ten opsigte van funksionele eienskappe. 'n Werkgewer sal nie 'n onderhoud voer met 'n kandidaat wat nie op die kortlys is nie. Moet dus nie eers kyk na bulle wat nie vooraf geïdentifiseer is nie. Dit sal jou net verwar.

Maak 'n aanbod.

Nou is jy gereed om 'n bul te koop. Jy mag dalk nie jou eerste keuse aankoop nie en genoodsaak wees om 'n ander bul op die kortlys te koop. Moet net nie 'n bul aanstel wat nie die werk kan doen nie.

Indien jy 'n toegewyde stoet- of kommersiële teler is, sal jy na 'n ander veiling of teler gaan as jy nie by die spesifieke veiling of teler 'n bul kry wat aan jou behoeftes voldoen nie. Moenie jou standarde prysgee nie.



LET'S BE THE BANK
that has a **Real**



in your
SUCCESS

We are committed to the development and sustainability of the livestock industry. To find out more about our agricultural banking offering, and for expert advice on turning your cattle into coins, speak to your Standard Bank agricultural specialist today or visit

www.standardbank.co.za

Moving Forward™



Standard Bank

Klein kalwers vir 'n groter toekoms

Vaaidu stoet



Vaaidu-Braunvieh gee dubbeldoor-diens

Braunvieh-beeste uit die Vaaidu-stoet het die perfekte balans tussen vleis- en melkeienskappe – en 'n boer wat hierdie diere vir stoet óf kommersiële teling aanwend, kry sy brood as't ware aan alkante gebotter.

Die stoet is een van die top presteerders met verskeie pryse van ons land se grootste skoue op die kerfstok.

'n Beter ras vir teling met Brahman, Afrikaner, Bonsmara of Santa Gertrudis, met kalwer produksie of top stoet bulle as einddoel, gaan jy nie sommer kry nie.

Vaaidu Teelbeleid

- Fyner beenstruktuur vir beter kalwing
- Konstitusie
- Vleis & melk

WP du Plessis

• Tel/faks: 053 497 3799 • Sel: 082 801 1854

• Posbus 114, Warrenton, 8530

2012 Landbou

- STERT IN DIE WIND!

NICOL JANSEN, VISE-PRESIDENT AGRI NK

Landbou kenners, ekonome en akademici is dit eens dat die wiel aan die draai is vir landbou, die keer opwaarts. Graanpryse is aan die herstel, die wolprys het die hoogste vlakke bereik en die vleispryse trek al vir 'n geruime tyd die wa deur die drif.

Suid-Afrikaanse landbouers kan in 2012, belowende ekonomiese groei in die landbousektor verwag. Die landbousektor gaan na verwagting boonop die afgelope drie jaar se prestasie klop, het mnr. Ernst Janovsky, hoof van Absa se AgriBusiness, in 'n berig in

Landbou.com aangedui. "'n "Duidelike tendens" van groter winsgewendheid in die Suid-Afrikaanse landbousektor is 'n hoofrede vir die goeie vooruitsigte." sê Janovsky.

Mnr. Andries Gouws berig in die Landbouweekblad van 26 Augustus 2011 dat die vraag na vleis beduidend kan styg. Dit volg op die bekendstelling van die vooruitskouingsverslag van die Buro vir Voedsel- en Landboubeleid (BFAB). Beesvleis het sy waarde goed behou deur die ekonomiese insinking in 2009 en die verwagting is dat die verbruik van beesvleis in die volgende dekade met 29% sal groei teenoor die groei van 22% vanaf 2000 tot 2010. Daar word voorsien dat die verbruik en produksie van beesvleis op die lang

So 'n bek kort jam!

DIE TOEKOMS IN SA IS NIE VIR SISSIES NIE

Kom ons besluit net eers wat is 'n sissie, my eerste gedagte is, dat dit 'n bangbroek en 'n papbroek is. Iemand wat wat nie bereid is om weer en weer te probeer nie, wat nie wil planne maak nie en wat net doodeenvoudig nie kans sien vir bietjie harde werk nie.

Kom ons begin by die begin, toe Jan van Riebeeck in 1652 in die Kaap aangekom het! Hulle het dit nie maklik gehad nie en as gevolg van omstandighede het die Groot Trek vanaf 1835 plaasgevind, SA was wild en ongetem en dit het BAIE deursettingsvermoë gevat om iets te bereik. Toe vind die Anglo Boereoorlog ook nog plaas.

Nou sal julle wonder hoekom is ek besig met die geskiedenis as ons oor die toekoms moet praat. Ek wil maar net aan julle bewys dat Suid Afrika nog nooit vir sissies was nie en ek glo ook nooit vir sissies sal wees nie! Ons struikelblokke het net verander, ons hoef nou wel nie kaalvoet oor die Drakensberge te loop nie, maar ons het self 'n paar berge, ons moet egter probeer om deur hulle te sien en nie teen hulle vas te kyk nie. Suid Afrika is sedert 1994 op 'n nuwe pad: 'n Pad van geen rassediskriminasie nie. Geen geslagsdiskriminasie nie. Mense regte. Kinder regte.

Diere regte en nog klomp ander tipes regte wat mense hulle self toe eien. Dis net jammer dat ons nog nie die vrugte begin pluk het van al die nuwe goed nie. Wat ons eerder beleef is die reg vir opvoeders, polisiemanne en mediese personeel om weke aaneen te staak oor salarisverhogings. Kyk, ek gun hulle die verhogings, maar daar is seker darem ander maniere. Ongelukkig kry die jeug, wat die toekoms van SA is, nou eerstehandse ondervinding van die tipe intimidasie en leer 'n paar nuwe dinge, iets wat weer in die toekoms probleme gaan gee. Dan moet jy deesdae ook 'n baie bekwame bestuurder wees, aangesien die paaie so vol slaggate is dat dit nogal vernuf vat om nie beheer te verloor nie. Die kans vir werk na matriek is ook maar skraal, want die rasse en geslags gelykheid ding werk nog nie so lekker nie.

Daar sit SA mos nog met die sogenaamde reënboognasie ook, net jammer die verskillende rasse van ons land kan nog nie saamwerk nie. Pleks van saamstaan, bots rasse en groepe so met mekaar dat die belangrike dinge soos werkskepping, onderhoud, opvoeding, behuising ens. vergeet word.

Nou wat is die oplossing, trek Australië toe, haha nie ek nie, my voorvaarders is kaalvoet oor die Drakensberge of so iets en ek het Afrika bloed in my, opgee is net nie 'n opsie nie! Ek voel die jeug van SA sal moet begin saamstaan, ons is die toekoms van die land, ons moet bo ons omstandighede kan uitstyg en die stuikelblokke een vir een oorwin. Die enigste manier, dink ek, is om vir jouself en vir jou land 'n doel en visie te kry. Dus om kans te sien vir 'n toekoms in SA moet jy kans sien om berge te versit. Die toekoms in SA is vir mense wat kans sien om op te staan vir dit waarin hulle glo, bereid is om hard en saam te werk nie bang is vir uitdagings nie.

Nou as ons kyk oor wat ons besluit het 'n sissie nou eintlik is, sal julle met my moet saamstem dat SA nie die land vir sissies is nie.

JOHN-DEE HAVENGA



duur konstant sal groei.

Die weerkeners hou vol dat die eerste helfte van 2012 in 'n La Nino fase is en gemiddelde tot bogemiddelde reën in die somerreënvalstreke kan voorkom.


Ook die graanboere het meer vrymoedigheid om hul bankbestuurders te besoek met die huidige styging van die mielieprys op Safex. Volgens Graan SA was mielie-aanplantings aanvanklik laat en stadig, maar met die reënbuie in Desember en Januarie vertoon die mielies oor die algemeen goed. Opvolg reën is egter noodsaaklik.

Landbou het ook 'n paar uitdagings om te oorkom in 2012. Die grootste hiervan is seker hoe die Groenskrif oor Grondhervorming hom gaan uitspeel. Hierdie stuk wetgewing het 'n ingrypende uitwerking op die landbousektor as geheel met die grootste invloed op eiendomsreg, winsgewendheid en beperking op grondbesit. Die heropening van die restitusie-proses plaas 'n verdere beperking op die afhandeling van restitusie-eise. Restitusie-eise het reeds groot dele van Natal, Mpumalanga en Limpopo lamgelê en ekonomiese groei in die landbousektor in dié provinsies gekniehalter. Agri SA neem aktief deel aan die 6 werkskomitees wat deur Minister Nkwinti, Minister van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming, daar gestel is. Hierdie komitees fokus elkeen op een gedeelte van die Groenskrif en moet na die Minister met aanbevelings aangaande hul fokusarea terugkom.

Mynbedrywighede in die noorde van die land en dele van die Noord-Kaap ontnem landbouers op groot skaal van landbougrond met allerlei nadelige gevolge vir die landbou-omgewing. Water-, lug- en grondbesoedeling bedreig gewasverbouing en natuurlike hulpbronne. Mynbedrywighede stel hoë eise aan infrastruktuur en vergroot die agterstand op herstelwerk en onderhoud aan paaie met rasse skrede. Infrastruktuur is kardinaal vir volgehoue landbouproduksie en voedselsekureit. Die Regering sal in 2012 drasties aan hierdie uitdaging moet begin aandag gee ten einde 'n totale ineenstorting van die padinfrastruktuur af te weer. Agri SA sal voortdurend in gesprek bly met die relevante ministeries.

Skaliegasontginning in die Karoo-kom word gereeld in die gedrukte media debatteer. Die gevare wat hidro-breking op die ondergrondse waterbronne inhou is moeilik bepaalbaar en het gelei tot die instelling van 'n moratorium. Hierdie moratorium verval in 2012 en sal of verleng word of Shell kan die groen lig kry om voort te gaan met toetsgate in die Karoo. Is die Karoo die antwoord vir die land se behoefte aan alternatiewe energie of gaan nog 'n deel van ons land onherstelbaar geskend word? Wel, 2012 gaan hier 'n skeidingsjaar wees.

Nog 'n skeidingsjaargebeure in 2012 vir die Karoo is of Suid-Afrika suksesvol gaan wees in die bod om die wêreld se grootste radioteleskoop te bou, naamlik die SKA-projek (Square Kilometre Array). Hiervolgens is 12 miljoen ha van die Karoo as 'n sterrekundige radiostilte reservaat identifiseer en afgekondig. Hoewel die landbouers van die omgewing Suid Afrika se bod steun, is daar steeds uitdagings ten opsigte van kommunikasie wat oorkom moet word, volgens die nuut-verkose Voorsitter van SKA Forum, mnr. Henk van



TOEKOM?

Wyk. SKA, MTN en ander rolspelers is oortuig dat die uitdaging oorkom kan word deur alternatiewe kommunikasie aan landbouers beskikbaar te stel.

Terwyl Eskom weereens die beurtkrag spook opjaag, is privaat beleggers nastigtelik opsoek na alternatiewe bronne van energie om die elektrisiteits-tekorte aan te vul. Verskeie sonplase se omgewingsimpakstudies is voltooi en wag angstig vir Eskom en wetskrywers om wetgewing in plek te kry sodat elektrisiteit aan Eskom verkoop kan word. Mnr. Clem Sunter het by geleentheid tong in die kies daarna verwys dat Eskom in die toekoms dalk slegs die groot "bystand generator" kan wees, inaggenome die wêreldwye snelle ontwikkeling in hernubare energie en die mate waartoe huishoudings in Europa reeds onafhanklik is van die nasionale kragvoorsiener. Die dat Eskom dalk voete sleep om privaat beleggers te akkommodeer in hul kragvoorsieningsnetwerke. Agri SA het opnuut Eskom en NERSA genader vir 'n spesiale tarief vir die landbousektor. Landbou gebruik slegs 3% van die land se krag en verseker daarmee voedselsekuri-teit vir die land en verdien buitelandse valuta met uitvoere van kommoditeite. Boonop het die herhaalde prysstygings in elektrisiteitstariewe 'n wesenlike invloed op voedsel pryse en inflasie.

Dit is verblydend dat nuwe tegnologie opnuut stukrag gee aan landbou en landbou in 2012 gaan beslis positief hierdeur beïnvloed word. Nuwe verbeterde kultivars het op die mark verskyn, 'n nuwe haarwurmmiddel het na 18 jaar verskyn, uitdagings om 20 ton mielies per hektaar te produseer word gesamentlik deur insetverskaffers onderneem, mobiele rekenaar tegnologie ontsluit waarde vir boere op die platteland, outomatiese skale selekteer diere in voerkrale en vele ander word oor berig in die geskrewe media. Dit is vir my egter kommerwekkend dat die klassifikasie van vleis by abattoirs steeds uitgelewer is aan die menslike faktor en dat tegnologie nie ook daar ingespan word nie. Gradering is krities belangrik by die bemaking van enige kommoditeit en het 'n wesenlike uitwerking op die winsgewendheid van landbou.

Baie landbouers het op 'n gestruktureerde manier uitgebrei in Afrika. Mosambiek en die Kongo is veral groot trekpleisters. Vir baie is die eerste oeste in die grond in die nuwe omgewing en 2012 gaan openbaar wat presies sodanige opportunistiese uitbreiding als behels.

Daar is baie om oor opgewonde te wees in 2012. Trouens die meeste uitdagings wat ons in die gesig staar was die afgelope twee jaar ook teenwoordig in 'n baie swakker ekonomiese landbou klimaat. Soos ons almal weet is die landbou uitgelewer aan sikliese bewegings wat die winsgewendheid van die sektor beïnvloed. Hopelik duur die opwaartse siklus lank genoeg om opgebruikte kapitale reserwes te herstel en uitbreidingsmoontlikhede te benut.



Stoetvee-bemarking
Lewendehawe-bemarking
Wildbemarking
Slagvee-bemarking
Losgoed-bemarking
Algehele Uitverkopings
Eiendomsbemarking

BESTURENDE DIREKTEUR • Anton Vos • 012 460 9916

BOSVELD & LIMPOPO • Johann Vossler • 015 491 3141

KWAZULU-NATAL • Dup du Plessis • 036 637 7900

MPUMALANGA & GAUTENG • Wessel Meyer • 017 819 1106

OOS-VRYSTAAT • André Pieterse • 058 303 5226

SENTRAAL-VRYSTAAT & NOORDWES • Wimpe du Plessis • 051 451 1439

www.vleissentraal.co.za

**DIE BESTE
BOD!**



Die seleksie en bestuur van vervangingsverse is baie belangrik, aangesien dit die toekomstige koeikudde is en verkeerde seleksiebesluite en/of swak bestuur van verse groot finansiële implikasies kan inhou oor die kort- sowel as die langtermyn. Die doelwit met seleksie en bestuur van verse kan as volg opgesom word:

Om verse se onproduktiewe periode so kort moontlik te maak deur hulle op 'n relatief jong ouderdom dragtig te kry.

Om 'n hoë persentasie verse (90%+) dragtig te kry binne 'n kort (maksimum 90 dae, maar verkieslik korter) teelseisoen.

Om kalfprobleme by verse tot 'n minimum (laer as 3%) te beperk.

Om die eerstekalkoeie so gou moontlik na kalwing weer dragtig te kry.

Om relatief swaar kalwers te speen van die eerstekalkoeie

SELEKSIE

Soos met bulseleksie, is die grondslag van die seleksie van vervangingsverse duidelike teeldoelwitte en 'n weldeurdragte teelstrategie. Dit geld natuurlik nie net vir die stoetteler nie, maar ook vir die gewone vleisbeesboer. Sonder duidelike teeldoelwitte en 'n weldeurdragte teelstrategie is dit bykans onmoontlik om enige sinvolle seleksie te doen en kan mens maklik vergeet om te fokus op daardie eienskappe wat werklik ekonomies belangrik is.

Omdat 'n vers geen bewese rekord het ten opsigte van eienskappe soos reproduksie, gemak van kalwing en moederlike vermoë nie, moet alle beskikbare inligting van veral haar moeder en, waar toepaslik, ook haar vader en ander verwantes gebruik word om 'n ingeligte besluit te neem by seleksie. Waar beskikbaar, behoort teelwaardes (liewer as indekse) gebruik te word in seleksie, omdat teelwaardes 'n meer betroubare aanduiding is van 'n dier se genetiese meriete. Die geheim is egter om hierdie teelwaardes altyd in balans te gebruik met ander belangrike eienskappe, veral funksionele doeltreffendheid.


Die volgende seleksieprosedure word aanbeveel by die seleksie van verse:

Die **eerste seleksie** van verse vind gewoonlik plaas wanneer hulle gespeen word. Die eienskappe waarna daar op hierdie stadium opgelet behoort te word is die volgende:

Voorspeense groei en melkproduksie: Die vers se speenindeks is 'n evaluering van beide haar moeder se melkproduksie en haar eie groeitempo tot op speen. Skot verse met 'n lae (onder 90) speen-

Seleksie

LESLIE BERGH



indeks uit, veral as haar moeder 'n rekord het dat sy kalwers speen met swak speenindekse en/of swak teelwaardes vir speen direk (voorspeense groei) en/of speen maternaal (melkproduksie).

Gemak van kalwing: Skot verse uit wie se moeder 'n rekord het van moeilike kalwing.

Reproduksie: Skot verse uit wie se moeders eers op 'n hoë ouderdom vir die eerste keer gekalf het en/of se gemiddelde tussenkalfperiode (TKP) lank is en/of reproduksie-indeks laag (onder 90) is.

Erflike gebreke: Skot alle verse uit met enige erflike gebrek, byvoorbeeld 'n skewe gesig, kort onderkaak, ensovoorts.

Funksionele foute: Skot alle verse uit met ernstige funksionele foute, wat betref bene (byvoorbeeld regop hakke, koortgewigte wat deurtrap), hoewe (byvoorbeeld uitgroei of misvormde hoewe), vel en haarkleed (byvoorbeeld lang hare, ongepigmenteerde vel), ensovoorts.

Raamgrootte: Skot alle verse uit wat te groot en/of rankerig is.

Hormonale wanbalans: Skot alle verse uit wat onvroulik of osagtig lyk en/of met onderontwikkelde geslagsorgane (klein vulva). Dit alles is tekens dat daar moontlik 'n probleem is met haar vroulike hormone of dat daar 'n hormonale wanbalans is.

Temperament: Skot alle verse uit met 'n swak (wilde) temperament.

Die **tweede seleksie** van verse vind gewoonlik plaas net voordat hulle gedek word (15–24 maande ouderdom). Die eienskappe wat op hierdie stadium geëvalueer behoort te word, is die volgende:

Voor- en naspeense groei: Skot verse met 'n lae (onder 90) 12-maande en/of 18-maande indeks uit. Omdat die 12- en 18-maande indekse bereken word op die groei vanaf geboorte, is hierdie indekse 'n funksie van beide die moeder se melkproduksie, die kalf se groeivermoë tot op speen en die naspeense groeivermoë tot 12- of 18 maande.

en Bestuur

VAN VERSE EN EERSTEKALFKOEIE



Gaan weer die verse deur vir **erflike gebreke, funksionele foute, raamgrootte, swak temperament** en tekens van 'n **hormonale wanbalans**.

Meet verse se pelvisopening: Ten einde verse wat waarskynlik moeilik sal kalf vroegtydig te identifiseer, kan hul pelvisse openinge deur 'n veearts gemeet en die met klein pelvisopening uitgeskot word voordat die teelseisoen begin. 'n Vers wat maklik kalf se baarmoeder en geboortekanaal herstel vinniger en sy kom gouer weer op hitte as 'n vers wat moeilik kalf.

Keuring deur 'n telersgenootskap: Waar keuring deur 'n telersgenootskap gedoen word, vind dit gewoonlik ook op hierdie stadium plaas.

Die **derde seleksie** van verse vind plaas wanneer dragtigheidsondersoeke gedoen word. Op hierdie stadium moet alle verse wat nie dragtig is nie, uitgeskot word. Indien daar meer dragtige verse oorbly as wat benodig word vir vervanging en/of kuddebou, kan dit oorweeg word om die verse wat laat in die teelseisoen dragtig geword het en dus laat in die kalfseisoen gaan kalf, ook uit te skot, aangesien dit gewoonlik daardie koeie is wat die volgende jaar nie dragtig gaan word nie.

Die **vierde seleksie** van verse (eink dan eerstekalkoeie) vind plaas wanneer hul gekalf het. Skot alle koeie uit wat moeilik gekalf het, in ag genome natuurlik dat daar nie ander faktore was (soos byvoorbeeld oorvoeding kort voor kalwing of die gebruik van 'n bul wat besonder groot kalers gee by geboorte) wat daartoe gelei het nie.

Die **finale seleksie** (van eerstekalkoeie) vind plaas wanneer hul hul kalwers gespeen word. Skot alle eerstekalkoeie uit wie se kalf 'n lae (onder 90) speenindeks het. Skot ook eerstekalkoeie uit met 'n lae (onder 90) koeidoeltreffendheidsindeks. Die koeidoeltreffendheid evalueer die speengewig (aangepas vir ouderdom tot 205 dae) van 'n koei se kalf in vergelyking met haar eie metabolisme of onderhoudsgewig (gewig tot die mag 0.75) by kalwing (of speen indien nie aangeteken tydens kalwing). Bv. 'n koei van 500kg wat 'n kalf van 250 kg speen is meer doeltreffend as 'n koei van 600kg wat 'n

kalf van dieselfde gewig speen.

Die LNR se Nasionale Vleisbeesaantekening en -verbeteringskema het 'n verslag, die sogenaamde Teelkuddeseleksieverslag, beskikbaar wat al die belangrike data bevat wat nodig is om koeie en verse te selekteer. Dit sluit in al die reproduksie maatstawwe, indekse, teelwaardes, goedkeuringsverhoudings en toekennings. Swak presteerders ten opsigte van elke eienskap word gemerk met 'n rooi kring om dit maklik te maak om hulle te identifiseer. Hierdie verslag is 'n waardevolle en uiters gebruikersvriendelike hulpmiddel om die teelkudde mee te evalueer en probleemdiere te identifiseer. (Terloops, die Teelkuddeseleksieverslag is ook beskikbaar in die plaas sagteware bestuursprogram, BeefPro).

BESTUUR

As gevolg van die hoë koste verbonde daaraan om 'n vers groot te maak tot na eerste kalwing, kan geen boer dit bekostig om jong koeie op hierdie kritiese stadium van hul reproduktiewe lewe te verloor nie. Soos reeds genoem, behoort bestuurspraktyke by verse en eerstekalkoeie daarop gemik te wees om verse vroeg en maklik te laat kalf en eerstekalkoeie weer vinnig in kalf te kry, aangesien hierdie aspekte die mees algemene probleme is wat beesboere ondervind ten opsigte van die reproduksiebestuur van hul kuddes.

Die primêre doelwit met versbestuur is om die maksimum aantal verse so vroeg en koste-effektief as moontlik dragtig te kry in 'n relatief kort tydperk, vir kalwing gedurende 'n tydperk wat die gunstigste is vir herkonsepsie, kalf oorlewing en voorspeense groei van die kalwers. Verse behoort, in die algemeen gesproke, dragtig te wees voordat hulle 27 maande oud is, sodat hulle sal kalf voordat hulle 36 maande oud is. Die gewig, kondisie en groeitempo van verse is belangriker aanduiders as ouderdom om te bepaal wanneer verse die eerste keer gedek kan word. Dit moet natuurlik inskakel by jou kudde se teelseisoen(e), sodat optimale gebruik gemaak word van die goedkoopste bron van hoë gehalte voer, naamlik goeie somer weiding (in 'n somer reënval gebied).

Die volgende bestuurspraktyke word aanbeveel om te verseker dat

Ratshikana

~Braunvieh Stud~

Developing Cattle Farmer of South Africa 2011

Contact Olebile Ratshikana

Cell: 083 777 3512 & 083 332 0891 • Email: oratshikana@gmail.com • PO Box 295, Buhrmansdrif, 2867



verse vroeg en maklik kalf en eerstekalkoeie weer gou dragtig word en 'n relatief swaar kalf speen:

ALGEMEEN:

Maak seker dat die verse inpas by die produksie-omgewing.

Waak veral teen grootraam verse (wat grootraam koeie gaan word) waar die beskikbaarheid van voedsel beperkend is. Omdat eerstekalkoeie self nog groei en 'n kalf soog, is hul voedingsbehoefte baie hoog en sal hul reproduksie noodwendig daaronder lei indien hul baie kondisie verloor.

Bestuur verse en eerstekalkoeie apart. Dit is baie belangrik dat verse, as 'n aparte groep of groepe bestuur word vandat hulle gespeen is totdat hulle die tweede keer kalf. Dit behels onder andere dat meer aandag aan hulle gegee word, dat hulle die beste kampe kry, dat hulle strategiese byvoeding kry wanneer nodig en dat 'n spesiale gesondheidsprogram gevolg word.

PARING:

Kry verse op 65% van verwagte volwasse gewig by dekking.

Indien die volwasse koeie gemiddeld 500kg weeg, moet die verse dus ongeveer 325kg weeg aan die begin van die teelseisoen. Voor kalwing moet die verse 80 – 85% van hul verwagte volwasse gewig weeg.

Gebruik 'n kort teelseisoen. Die teelseisoen van verse behoort ideaal gesproke slegs 45 – 65 dae te wees. Die primêre voordeel van 'n kort dek- en kalfseisoen is om druk te plaas op seleksie vir vrugbaarheid. Dit het ook die voordeel dat beter toesig gehou kan word tydens kalftyd.

Dek verse 4 tot 6 weke voor die koeie se teelseisoen begin. Deur verse vroeër as die koeie te dek, gee dit hulle 'n langer postpartum herstelperiode wat tot hoër herkonsepsies behoort te lei. Hierdie praktyk moet egter slegs oorweeg word indien die verse voldoende voeding kry vóór kalwing en ook ná kalwing totdat voldoende groen gras beskikbaar is, anders gaan hulle te veel kondisie verloor wat tot laer herkonsepsies kan lei. Dit is egter belangrik dat hul kalwers 4 – 6 weke vroeër gespeen word as die res van die koeie se kalwers, anders kan hulle steeds te veel kondisie verloor.

Dek verse op 18 – 21 maande ouderdom indien hulle te swaar en/of te vet word om op 24 – 27 maande ouderdom te dek.

Hierdie praktyk moet egter slegs oorweeg word indien voldoende goeie kwaliteit weiding en/of oesreste, hooi of kuilvoer beskikbaar is na kalwing om te verseker dat hul kondisie optimaal bly vir herkonsepsie. Indien sulke eerstekalkoeie dan ses maande gerus word voordat hulle weer gedek word (om dan in die hoof kalfseisoen te kalf), sal dit hoër herkonsepsie verseker. Die maksimum verkorting van verse se onproduktiewe lewe kan verkry word deur verse op 12 – 15 maande te dek, maar hierdie praktyk moet slegs oorweeg word indien die voeding- en algemene bestuur in 'n kudde op 'n baie hoë vlak is.

Dek meer verse as wat nodig is vir vervanging. Tot 50% meer verse as wat benodig word vir vervanging behoort gedek te word, sodat daar voldoende dragtige verse beskikbaar is om alle nie-dragtige

koeie en koeie wat vir ander redes uitgeskot moet word, te vervang.

Oorweeg sinchronisasie van verse. Die doel met sinchronisasie is om verse so vroeg moontlik dragtig te kry gedurende 'n kort teelseisoen. Sinchronisasie is 'n redelik algemene praktyk by KI, maar hou ook voordele in by natuurlike dekking.

Gebruik beproefde gemak-van-kalwing bulle op verse. Moeilike kalwing verleng die postpartum herstelperiode wat lei tot swakker herkonsepsie. Gebruik dus slegs bulle met 'n relatief lae teelwaarde vir geboortegewig op verse om maklike kalwing te verseker.

Gebruik 'n hoër verhouding bulle by verse. Die gebruik van 'n hoër verhouding bulle (15 – 20 verse per bul) by verse – veral gedurende die eerste 21 dae van die teelseisoen – sal verseker dat meer verse wat op hitte kom dragtig word vroeg in die teelseisoen.

Stel verse en eerstekalkoeie bloot aan koggel bulle. Die blootstelling van verse en eerstekalkoeie aan koggel- of steriele bulle of geandrogeerde koeie vir minstens 9 dae voor die begin van die teelseisoen, sal hulle stimuleer om te begin ovuleer en meehelp dat meer verse dragtig word vroeg in die teelseisoen.

VOEDING:

Die kondisie van verse by paring en by kalwing is krities belangrik. Op 'n 1 – 5 punteskaal (1 = brandmaer; 5 = oorvet), moet verse 2.5 – 3.0 wees by paring en 3.0 – 3.5 by kalwing. Indien nodig, moet die voedingspeil van eerstekalkoeie verhoog word ná kalwing om hul liggamkondisie in stand te hou.

Gee aan eerstekalkoeie die beste beskikbare voeding. Die voorsiening van die beste beskikbare voeding (hetsy weiding, hooi of mieliereste) aan eerstekalkoeie nadat hulle gekalf het is krities om te voldoen aan hul hoë voedingsbehoefte en te verhoed dat hulle kondisie verloor.

Byvoeding (in die vorm van lekkies) moet gebalanseerd wees ten opsigte van proteïene, energie, minerale en spoorelemente. Die lek moet aangepas word volgens die seisoen, hoeveelheid en kwaliteit van die weiding en die kondisie van die verse.

Voorsien 'n prikkellek 21 dae voor die teelseisoen begin. Die voorsiening van 'n prikkellek 21 dae voor die teelseisoen begin tot 42 dae in die teelseisoen, sal meehelp om 'n hoë konsepsiesyfer te behaal.

Verminder oormatige energie byvoeding in die laaste drie maande van dragtigheid. Indien nodig, kan addisionele energie gedurende die laaste 50 dae van dragtigheid gegee word om te verseker dat verse se kondisietelling 3 – 3½ is by kalwing. Wees egter versigtig, aangesien oormatige energie byvoeding in die laaste drie maande van dragtigheid kan lei tot groot kalwers, moeilike kalwing, 'n langer herstelperiode vir die gebootekanaal en gevolglik langer tydperk tot herkonsepsie. Wees veral versigtig om nie verse op mielielande waar die koppe nie opgetel is nie, te laat oorwinter, want dit kan geboortegewigte verhoog en verse oorvet laat word, met gevolglike moeilike kalwings.

Voorsien ionofore aan koeie na kalwing om die benutting van voer te verbeter. Verskeie studies het getoon dat die voer van ionofore na kalwing voerkostes met slegs ongeveer 12c/dag verhoog, maar dat dit die postpartum interval verkort met gemiddeld 18 dae, mits voldoende energie beskikbaar is.

ANDER BESTUURSPRAKTYKE:

Verleen vroegtydig hulp by moeilike kalwings indien hulp benodig word. Nadat 'n vers 1½ uur in stadium 2 (hoeve sigbaar) van kalwing was, sal elke addisionele 30-minute vertraging in hulpverlening lei tot 'n addisionele ses dae in die interval tot sy weer dragtig word.


Oorweeg kruipvoeding vir eerstekalf koeie se kalwers, veral as die weiding swak is. Dit sal die kalwers se speengewigte verhoog en die koeie help om kondisie te behou wat herkonsepsie sal verbeter.

Speen kalwers vroeg gedurende droogtes of voedingstekorte. Vroeë speen van kalwers (tot 40 dae vroeër) is volgens navorsing een van die beste metodes om die reproduksietempo van eerstekalkoeie te verbeter, aangesien dit voorkom dat hierdie koeie te veel kondisie verloor.

SLOT

Die seleksie en bestuur van verse en eerstekalkoeie is krities belangrik vir 'n hoë reproduksietempo, hoë speengewigte en lae kalfmortaliteite in 'n vleisbeeskudde.

BR



WITBEK

BRAUNVIEH

STOET



vrugbaar
gehard
vroegryp
mediumraam



Skakel Daleen, Hanri of Molly Bester:
083 469 1258 Posbus 269 VREDE 9835
hanri@mail4all.co.za

Om 'n boer se vrou te wees

DEUR ANINA ALEXANDER



Onlangs sê my studenteseun: "Ma weet, die meisies wil nie met landboustudente uitgaan nie. Ons is almal óf te arm, óf hulle sien nie kans om eendag op 'n plaas te woon nie." Ek antwoord: "Toe- maar, iewers is daar 'n spesiale meisie wat die lewe op die plaas sal waardeer, en sy sál spesiaal wees vir jou."

Ek dink stilletjies: "Jy skimp verniet vir meer sakgeld. Meet en pas het niemand al ooit skade gedoen nie en om spaarsamig met geld te werk, kan net voordelig wees in 'n boerderymilieu."

So sit sy stelling my toe aan die dink. Wat is dan nou die kwalifikasies vir 'n landbouer se vrou? Ek dink aan die boervroue waarmee ek al te doene gehad het. Dokters, prokureurs, klerke, boekhouders, onderwysers en wat nog alles. Sommige beoefen nog hul beroep, maar ander is boervroue. Sommige antwoord dat hulle 'n boer se vrou is, nie 'n boervrou nie. (Die verskil verstaan ek nie regtig nie.)

Hoe meer ek oor die saak dink, hoe minder kry ek 'n antwoord. Hoekom kan sommige dan op 'n plaas aard en ander nie?

Die posbeskrywing

Veel is al geskryf en beredeneer oor ma's, hulle beroepstatus en wat dit nou eintlik in rand-waarde werd is. Gewoonlik is 'n boervrou ook 'n ma. Die verskil is egter dat haar kinders heel waarskynlik reeds van kleins af in die koshuis is. Sy moet hulle dus selfstandig grootmaak en hulle leer om hulle eie probleme te hanteer. Die raad oor hoe om te maak, word maar oor die foon gegee.

Die koshuissituasie maak dat sy naweke alles moet los en die aandag wat sy in die week aan Pa kon gee, nou na die kinders kanaliseer. En dan kom die res van die posbeskrywing: sekretaresse, boodskapper, stuurjonge, huweliksraadgewer, boekhouer, kommunikeerder, arbeidsraadgewer, bemiddelaar, telefonis, noodhulpespesialis, drywer, bestuurder, vertaler, tikster, rekenaaroperatrise en helaas, hekoopmaker by uitstek.

En by dit alles moet sy sorg dat sy op hoogte bly van dinge. Dis nou elke gesinslid se dag-boekinskrywings, gebeure op die sakefront, verhogings in produkpryse, weervoorskouings, ensovoorts. Die lys is oneindig. Self kon ek nog nooit werklik plaaswerk verrig nie – nie omdat ek nie wil nie, maar bloot omdat daar nie nog daarvoor ook tyd is nie! Buitendien, wie wil nou skaap doseer of lammers se sterte afsit en ramlammers kastreer, wat nog te sê op die windpomp klim. Nee wat. Ek is egter heeltemal bereid om lekkes uit te ry en parte in die dorp gaan haal ...

Jok jy of roep jy?

Dan moet 'n boervrou mos ook oor bonatuurlike magte beskik. Dit werk so: die telefoon lui op 'n tyd wanneer enige respektabele boer iewers buite besig moet wees. Die persoon aan die ander kant wil met jou wederhelf praat. Sou jy hom dadelik roep, dink almal dis 'n vrot boer wat in die huis rondsit (die dringendheid van die oproep is nie ter sake nie). Jok jy en sê hy is nie daar nie, moet jy in elk geval die boodskap loop gee en hy moet terugbel. Dis nou te sê as hy toevallig op daardie oomblik in die huis is. (Gelukkig het selfone die probleem effens versag).

Die dilemma, jy sien, is dat jy, as landbouersvrou, nou moet besluit of jy eerlik gaan wees en jou man gaan roep, of gaan voorgee dat hy nie daar is nie. Dalk doen hy administratiewe werk by die huis of het hy gou 'n lafenissie kom geniet. Dalk kyk hy krieket of het hy gou iemand kom bel. Die punt is, roep jy hom, het jy 'n lui man. Roep jy hom nie, hoor jy vinnig via die riemtelegram dat jou man nooit tuis is nie. Iewers so tussen die lui en die "missing in action" moet jy 'n middeweg vind. Hierdie talent is 'n byvoordeel, nie 'n vereiste op die posbeskrywing nie. Dit het te doen met boervrouens se heldersindheid ...

Die nuwe era

Vroeër jare moes die boervrou, buiten haar heldersindheid en uitgebreide posbeskrywing, ook nog seep kook, vark krap, derms ryg en krap, groente in die somer wegpak vir die koue winter, en sorg dat haar koek- en beskuitblikke permanent vol is vir "ingeval". Gelukkig bied die moderne samelewing en sy wonderlike winkelrakke klaargekrapte derms, gevriesde groente, bewerkte vleis, klaargestopte wors en verpakte (gegeurde) seep en waspoeier. En die tuisnywerheid op die dorp kan in enige koek- en beskuitbehoefte voorsien.

Ons "nuwe" boervrouens of boere se vrouens het vandag baie meer vryhede as ons voorgeslagte. Seep, derms en beskuit is nie meer deel van die curriculum vitae nie. Jy kan kies of jy wil bak, slag, naaldwerk doen of liewer jou gekose beroep beoefen.

Watter eienskappe moet 'n boer se vrou uiteindelik hê? Liefde en aanpasbaarheid. Dit wat ons almal nodig het – op enige plek en in enige situasie. Ja, sommige plase sit regtig tussen nêrens en êrens, maar selfs daar maak tegnologie en vierwielwonders die wêreld kleiner en meer toeganklik. Dalk kort daardie studentemeisies waarvan my seun praat, net so bietjie volwassenheid, insig en liefde ... en 'n lekker lang vakansie op die plaas!





LANGTERMYN

weervooruitsigte

JOHAN VAN DEN BERG, SANTAM LANDBOU, BLOEMFONTEIN

Ons land word gekenmerk deur baie wisselvallige klimaatstoestande. Een van die groot redes hiervoor is die unieke geografiese posisie van Suid-Afrika waar 'n relatief smal strook land omring word deur die warm Indiese Oseaan aan die oostelike kant en die koue Atlantiese Oseaan aan die westekant. Die topografie met die hoë plato en bergreekse veroorsaak ook heelwat verskillende gebiede met unieke klimaatpatrone.

Afgesien van die groot variasie in klimaatgebiede as gevolg van die geografiese en topografiese eienskappe is daar ook heelwat ander faktore wat die "normale" reënvalpatrone verder deurmekaar krap. Faktore soos die ENSO-verskynsel (wat die El Nino- en La Nina insluit), tropiese siklone, verskille in energie vlakke vanaf die son wat die aarde bereik asook veranderende atmosferiese toestande veroorsaak deur klimaatverandering, maak die voorspelbaarheid van seisoensreënval baie moeilik. So byvoorbeeld veroorsaak 'n El Nino- of La Nina- verskynsel 'n verskuiwing in die tyd wanneer reënval en droogte voorkom gedurende die seisoen. In die Somerreënvalgebied reën dit tydens El Nino-jare gewoonlik in die lente maar is dit dikwels baie droog en warm rondom Desember asook rondom Maart. 'n El Nino is dus gewoonlik geassosieer met 'n vroeë seisoen: dit begin vroeg in die seisoen reën, die reën eindig vroeg en ryp kom ook baie vroeg alreeds rondom Maart/April voor. Tydens La Nina-seisoene is die verspreiding van reën binne 'n seisoen ongeveer die teenoorgestelde.

Die effek van El Nino- en La Nina-verskynsels op reënval in die Somer- en Winterreënvalgebiede verskil ook. In die Winterreënvalgebied is El Nino-verskynsels gewoonlik verantwoordelik vir bogemiddelde reënval gedurende veral die herfs en winter terwyl La Nina-verskynsels dikwels 'n baie droë herfs en eerste deel van die winter tot gevolg het.

WAAR STAAN ONS TANS?

Daar is vir 'n tweede agtereenvolgende jaar 'n La Nina-verskynsel teenwoordig (see-oppervlaktemperatuur in die sentrale Stille Oseaan is koeler as normaal). Alhoewel die ontwikkeling in 2011/12 nie so sterk is as in 2010/11 nie, is dit sterk genoeg om as 'n matige La Nina geklassifiseer te kan word. Alhoewel die eerste deel van die 2011/12-seisoen, selfs gemeet

in terme van La Nina-jare, abnormaal droog was, is die kanse goed dat daar 'n herstel kan plaasvind in die tweede deel van die seisoen. Normaalweg is die tweede deel van die somerseisoen die deel waarin bogemiddelde reënval voorkom tydens La Nina-jare, veral in die sentrale tot westelike en suidoostelike dele van die land. Dus is die kanse baie goed vir reën vanaf Februarie tot Mei/Junie oor veral die Noordwes Provinsie, die Noordkaap, die Vrystaat, die Ooskaap en selfs gedeeltes van die Suidkaap.

2012/13?

Gegronde op geskiedkundige inligting is die meeste La Nina-verskynsels binne een tot twee jaar opgevolg deur 'n El Nino-verskynsel. Gegewe dat daar nou twee agtereenvolgende La Nina-verskynsels was, is die kanse baie goed dat 2012/13 gekenmerk gaan word deur 'n El Nino-verskynsel. Die implikasie hiervan is dat die lente periode van 2012 (Augustus tot Oktober) redelike goeie reënvaltoestande behoort te ervaar oor die Somerreënvalgebiede. Baie droë toestande kan egter voorkom vanaf November 2012 en veral voor die winter van 2013. Dit kan veroorsaak dat weidingstoestande baie kan verswak. Alhoewel dit nog ver in die toekoms is moet veeboere dit maar in gedagte hou en hiervoor beplan. Indien die Februarie tot April 2013 periode droog is, kan dit baie swak winterweiding maar ook swak weidingstoestande die daaropvolgende lente en somer tot gevolg hê. Daar is tans 'n kuddebou proses aan

die gang en met die goeie pryse van vee kan dit veroorsaak dat veeboere se kuddes te groot is vir beskikbare weiding indien swakker weidingstoestande gaan voorkom. Dit sal dus raadsaam wees om betyds kuddes en verwagte weidingstoestande in lyn te bring. As dit droog is en niemand het weiding nie wil almal verkoop en dit kan veroorsaak dat pryse kan tuimel. Beplan dus betyds.

OM OP TE SOM:

Die huidige La Nina-verskynsel behoort redelike goeie reën te veroorsaak oor die grootste gedeelte van die land met die uitsondering van die Weskaap in die volgende paar maande tot Mei/Junie 2012. Die kanse is goed vir droër toestande vanaf 2012/13 oor veral die sentrale tot westelike Somerreënvalgebied, veral in die tweede deel van die somerseisoen en herfs. Wees dus voorbereid op swakker weidingstoestande in komende seisoene en beplan vroegtydig om die regte hoeveelheid diere vir die beskikbare weiding aan te hou.

Omrede daar 'n El Nino-verskynsel verwag word in 2012/13 kan dit veroorsaak dat goeie reënvaltoestande egter oor die Suidweskaap kan heers want El Nino-verskynsels veroorsaak gewoonlik goeie winterreën oor die Winterreënvalgebiede maar swakker toestande oor die Somerreënvalgebied.





Ledelys...

AC de Villiers Boerdery	053-983 0443	-	082-670 6089	devillierse@lantic.net	NORTHERN CAPE	KAMEEL
Adeline Stoot	058-813 3419	-	072-211 5935	cvandoessburg@telkomsa.net	FREE STATE	FRANKFORT
Bergland Koepel Stoetery	-	-	082-487 2948	aebtha@execnet.co.za	FREE STATE	SECUNDA
Bezuidenhout Broers	051-821 1920/2061	051-821 1920	082-374 5022	bezmar@mtnloaded.co.za	FREE STATE	BRANDFORT
Bezuidenhout Mej. MSE	051-821 1920	051-821 1920	082-085 9742	bezmar@mtnloaded.co.za	FREE STATE	BRANDFORT
J.B. Borman	051-853 2243	086-647 0181	082-553 3889	bormanj@internxt.co.za	FREE STATE	BULTFONTEIN
Bosduiwelkop Boerdery	0536612 vra 1931	-	083-276 4720	abiedev@absamail.co.za	NORTHERN CAPE	PETRUSVILLE
CTN Swanepoel Trust	053-441 2054	053-441 2054	082-493 6271	travryka@lantic.net	NORTH WEST	CHRISTIANA
De Villiers PDW & Seun	053-983 0443	053-983 0443	082-670 6089	-	NORTHERN CAPE	KAMEEL
Dreyer JC	018-642 3848	018-642 3848	082-857 5302	dreyerlin@mweb.co.za	NORTH WEST	ZEERUST
Du Plessis WP	-	-	082-801 1854	-	NORTHERN CAPE	WARRENTON
Eduan Boerdery	045-971 0498	045-971 0498	082-897 9555	gawien@telkomsa.net	FREE STATE	BARKLY-OOS
Erasmus JCV	048-884 0094	048-884 0094	082-873 2647	jcoveras@telkomsa.net	EASTERN CAPE	STEYNSBURG
Final Farming (Edms) Bpk	-	-	083-299 0032	marius1943@gmail.com	GAUTENG	ZEERUST
Gasekoma GK	-	-	072-388 8107	-	NORTHERN CAPE	MATLAPANENG
Glen Oakes Farms PTY Ltd	028-212 2050	028-212 2050	082-883 0047	crowther@hermanus.co.za	WESTERN CAPE	CALEDON
Harman FIN	018-642 1596	018-642 1596	083-265 6210	cois@harman.co.za	NORTH WEST	ZEERUST
Havenga CD	053-6612 vra 1831	082-370 0106	082-821 1527	christopher@cchcattle.co.za	NORTHERN CAPE	PETRUSVILLE
JJ Bester en Dogters	073-299 4591	058-913 1998	083-469 1258	daleen@mail4all.co.za	FREE STATE	VREDE
Jomandia Boerdery	035-788 0306	035-788 0306	082-771 1211	marethahaventer@hotmail.com	KWAZULU NATAL	MEER EN SEE
Kristal Braunviah	053-562 0414	053-562 0110	072-596 0462	-	NORTHERN CAPE	DELPORTSHOOP
Lalta Trust	053-663 0539	053-663 0540	083-282 3996	lalta_trust@polka.co.za	NORTHERN CAPE	PETRUSVILLE
Liberté Agriculture	084-514 6274	086-684 6934	084-514 6274	summerwindstud@gmail.com	GAUTENG	BROOKLYN SQUARE
Manyedi JS	-	-	083-314 8107	eva.manyedi@nwu.ac.za	NORTH WEST	MMABATHO
Marks H S	-	-	082-388 2200	-	NORTH WEST	ZEERUST
Minie Boerdery	011-660 2286	086-610 2129	073-253 6934	willem.m@tiscali.co.za	GAUTENG	WITBEEK
Mothoagae MC	018-384 3914	-	083-745 5211	-	NORTH WEST	MMABATHO
PDW en HB de Villiers	053-983 0023	086-675 4679	082-920 7309	devillierse@lantic.net	NORTHERN CAPE	STELLA
Peters FK	082-948 2917	086-527 7638	079-498 7338	kaheinboerdery@truenw.co.za	NORTH WEST	BIESIESVLEI
Robberts CJ	05572 vra 1103	-	-	-	FREE STATE	ROUXVILLE
Rossouw SW	054-331 2987	054-331 1019	082-312 7208	sample@klk.co.za	NORTHERN CAPE	OLIFANTSHOEK
SP Els Familie Trust	051-973 7192	051-973 7192	083-409 7381	driekop-els@yahoo.com	FREE STATE	EXCELSIOR
Stenker Farming	012-653 6333	-	072-371 5354	jaco@stenker.co.za; johan@biltong.co.za	MPUMALANGA	NABOOMSPRUIT
Steyn Barry	014-597 3040	014-597 3040	083-775 2229	asjas5826@mweb.co.za	NORTH WEST	RUSTENBURG
Van Zyl JH	-	-	082-492 8123	hampie@assmang.co.za	NORTHERN CAPE	DIBENG
Weldef Braunviah	058-913 2157	058-913 2174	082-215 0285	hampie@assmang.co.za	FREE STATE	VREDE
Wessels PR Mnr.	05242 vra 1902	-	083-264 2199	donsiewessels@gmail.com	FREE STATE	WINBURG
Witzenberg Properties	023-316 1945	023-316 1945	082-447 4375	-	WESTERN CAPE	CERES

Kom
ons
neem jou van



tot



WAAR JY WIL WEES

Ons is verbind tot die ontwikkeling van landbou. Om meer oor ons landboubankdienste uit te vind, en vir deskundige advies oor landbou, praat vandag nog met jou landbouspesialis van Standard Bank of besoek www.standardbank.co.za
Voluit vorentoe™



Standard Bank

Beefpro 14

“Bly die wenner in sy klas”



- » BEEFPRO 14 is 'n afrondingskorrel vir stoetvee sonder 'n ruveselkomponent.
- » Met sy unieke samestelling met meer natuurlike proteïen kan die produk op die veld of op kraal gebruik word vir die voorbereiding van veiling- en skoudiere.
- » Ruvoer moet altyd beskikbaar wees, dus kan dit met lusern- of ruvoer gemeng word as u op kraal wil afrond.
- » Lewende giskultuur is in die produk ingemeng om die rumen-omgewing en aanpassing te verbeter.



VEEKOS

Tel: 061-218 713


Fax: 061-262 056

E-pos: info@feedmaster.com.za
www.feedmaster.com.za

BRAUNVIEH NAMIBIA



N
A
M
I
B
I
A
...



DANIE DELPORT

Namibia

BRAUNVIEH

This grey brown dual purpose breed which has its origin in Switzerland is today known as Braunvieh. According to records found in Monasteries in Switzerland the Breed was developed over a thousand years ago. These cattle were formerly known as Schwyzervieh, named after the Canton of Schwyz in Switzerland. Today the breed is spread around the world and Braunvieh can be found in 49 countries. For many years the Braunvieh Breed was selected for both meat and milk production. In the early days Braunvieh were also used as draft animals for plowing and transport.

Because Braunvieh were bred in the higher parts of the Alps where oxygen levels are low, the breed has developed more red bloodcells in their blood which makes them very adaptable in harsh conditions. One of the characteristics of the breed is that it has black hooves which makes it less susceptible to (vrotpootjie). The dark pigment around the eyes and other parts of the body prevent eye and skin cancer.

NAMIBIA: The first Braunvieh to be imported into Namibia (SWA) arrived during the early 1900's. They were imported from the Algau region in Germany by a Mr. Woker, from the Windhoek district. Later importations came from SA and they were used in the Northern parts of Namibia for the production of milk and butter. The aim of the Namibian Braunvieh Breeders is to produce a dual purpose animal with a good frame, that can walk for moderate distances to find enough grazing to produce both milk and beef. Our object is to produce a calf that weighs at least 50% of the cow's weight at weaning.

The Braunvieh Breed has a fantastic temperament which makes them easy to handle. This trait is used to produce high quality beef because handling plays a roll in the meat quality.

The Braunvieh's longevity can be attributed to the fact that they have strong teeth and can easily be in full production over the age of twelve years. The Namibian climate is one of extremes and the Braunvieh can cope with this by acquiring a thick coat of hair during the winter which is shed in the summer leaving a smooth coat of short hair.

The mission of the Namibian Cattle Breeders Association is to produce cattle which calve with ease and are well adjusted to the area in which they live. Because beef is very important the best performing bulls are provided by strict selection and performance testing. Every effort is being made to enlarge the breed and to promote it as an effective beef and milk pure bred which can also be used very effectively in a cross breeding program in Namibia.



**AURORA
BRAUNVIEH**

Skoukampioene uit die Aurora Stal



Aurora Dollar - Senior en Grootkampioenbul



**Aurora Lisa - Dubbeldoel Interras Junior en
Grootkampioenkoei**



**Aurora Namdollar - Junior Kampioenbul asook
die Braunvieh Breedplan Bul**

Double Trouble!



**Interras Kalkampioenvers
(Aurora Cassie)**



**Interras Kalkampioenbul
(Aurora Fenno)**

Aurora Dollar - teler van kampioene



Aurora Dollar met dogters Aurora Lisa en Aurora Cassie.

MIN TELERS HET

baie planne...

'n Groep Braunviehtelers het 'n plan beraam om die korrekte BLUP-teelwaardes vir sekere eienskappe in hul kuddes te bereken en só geneties vinniger met hul beeste te vorder. Die Braunvieh is baie gewild as kruisteelras in Namibië, maar daar is relatief min telers. Die kuddes in Namibië was in die verlede nie voldoende geneties aan mekaar gekoppel nie omdat die telers afsonderlik bulle in Suid-Afrika gekoop het. Die nuutste tegnologie, soos BLUP-teelwaardes, kon dus nie doeltreffend gebruik word nie.

Nou het 'n groep telers besluit om op 'n geordende manier van hul beste bulle uit te soek en die diere in verskeie kuddes te gebruik. Sodoende kan hulle met die koppelings in die verskillende kuddes betroubaarder teelwaardes kry. Dit sal genetiese vordering versnel en jonger bulle met meer betroubare syfers kan ook makliker geïdentifiseer word. Terselfdertyd vestig dit groter vertroue in die teelwaardes by die telers.

Mnr. Lourens le Grange is die voorsitter van die Braunvieh-telersgenootskap. Hy en sy vrou, Henriëtte, boer op die plaas Keizen in die omgewing van Summerdown. Hulle het in 2005 met Braunvieh begin boer, en toe hulle in 2009 hul eerste BLUP-teelwaardes bekend gemaak het, het hulle beseft daar is 'n probleem met lae akkuraatheid. Dit het ook duidelik geword dat min teelwaardes beskikbaar gestel word wanneer diere te koop aangebied word. Die syfers wat wêl beskikbaar was, was nie baie akkuraat nie. Terselfdertyd het dit duidelik geword dat boere wat van dié bulle koop, sulke gegewens van die telers verwag. Sulke syfers skep by hulle 'n verwagting oor wat die dier vir hul kuddes gaan beteken, en as dit weens onakkuraatheid mettertyd verander, doen dit skade aan die ras. Daar is op verskeie plekke kers opgesteek oor wat gedoen kan word om die saak reg te stel. Een voorstel wat 'n groot bydrae kon lewer, was om die koppelings tussen kuddes te vergroot.

Die oogmerk van hul plan is om binne elke kudde daadwerklik inligting te versamel om teelwaardes vir 'n reeks eienskappe te bereken. Terselfdertyd wil hulle minstens twee bulle in dieselfde dektydperk in verskillende kuddes gebruik. Daar is ses telers wat aan die plan deelneem en wat saam die bulle geïdentifiseer het. Deur middel van kunsmatige inseminasie word nou gepoog om sowat

30% van die kalwers in elk van die kuddes uit dié twee bulle te teel. Die plan is om dit vir drie jaar lank te doen om die korrektheid van die data wat so ingesamel word, aansienlik te verbeter. Voor die aanvang van verlede jaar se dektydperk het die boere gekyk watter bulle beskikbaar is wat 'n goeie verteenwoordiger van die ras is, wat bevredigend presteer en wat bekostigbaar was sodat al die telers soveel inseminasies moontlik kon doen. Die semen is teen kosprys aan die telers verkoop. Die bulle wat gebruik is, is Die Rante Razor 2 van mnr. Junior Versfeld van Gobabis en Delkoms Zorrow van mnr. Danie Delpont van Witvlei.

Sowat 60 koeie is in die eerste paartyd kunsmatig geïnsemineer en sowat 30 kalwers is uit die poging gebore, aangesien KI vir die meeste boere 'n nuwe ding was. Vanjaar is die poging met dieselfde bulle herhaal en is sowat 80 koeie geïnsemineer – sowat 20 koeie elk van die groter telers en vyf tot tien koeie van kleiner telers. Van die aanteldiere moet in die kuddes behou word om hul eie prestasie en uiteindelik ook dié van hul nageslag aan te teken vir gebruik om die teelwaardes van die diere te bepaal. Deur die prestasie van 'n bul in verskillende kuddes te meet, word die invloed van die omgewing, bestuur, voeding en seisoene (droogtes, ens.) uitgeskakel. Deur dit oor 'n paar jaar te doen, word die invloed van verskeie oorsake ook geneutraliseer.

Dr. Michael Bradfield, hoofbestuurder van Breedplan SA, sê die beginsel van 'n teelwaarde is maklik om te verstaan. As 'n mens byvoorbeeld tien diere in 'n bestuursgroep het ('n bestuursgroep word gedefinieer as diere in dieselfde geboortjaar, geslag en seisoen), kan jy een van die diere met die ander nege in die groep vergelyk. As die gemiddelde speengewig van die hele groep byvoorbeeld 200 kg is en die spesifieke dier se speengewig is 250 kg, is die 50 kg wat hy swaarder is met speentyd, toe te skryf aan sy genetiese vermoë nadat vir die ouderdom van die dier en die ouderdom van die moeder gekorrigeer is. Die oorerflikheid van dié eienskap is byvoorbeeld 30%, en dan kan 'n mens verwag dat sy teelwaarde vir speengewig ($50 \text{ kg} \times 30\%$) 15 kg sal wees ('n mens kan dus verwag dat die nageslag 7,5 kg swaarder sal wees omdat die bul die helfte van die gene sal oordra).

Met 'n oorerflikheid van 30% vir 'n spesifieke eienskap sal die akkuraatheid van só 'n dier in die Breedplan-stelsel sowat 55% wees. As 'n mens die dier se voorgeslag se prestasie ook in ag neem, styg die akkuraatheid tot 70% ooreenkomstig die hoeveelheid gegewens wat beskikbaar is. Wanneer dié dier nageslag verwek en hul



gegewens word ook bygewerk, kan die akkuraatheid van die dier se teelwaarde opgaan tot 90%. As boere egter die genetiese vordering van hul teelkuddes wil versnel, moet hulle sorg dat hul kuddes met ander diere gekoppel word deur die bul ook in ander kuddes te gebruik. Só word die bul se nageslag in verskillende omgewings-toestande en bestuurstelsels direk met mekaar vergelyk en kan die verskille uitsluitlik aan die dier se genetiese vermoë toegeskryf word.

Le Grange sê hul eerste oogmerk is om sulke sterk koppelings te verseker en om terselfdertyd genetiese vordering in hul kuddes te maak deur bulle met uitstekende teelwaardes aan al die lede beskikbaar te stel. Jonger bulle met goeie teelmateriaal word maklik en korrek in die stelsel geïdentifiseer. Die Namibiese Braunvieh-stoeterye wat aan die stelsel deelneem, is in werklikheid nou een groot kudde met 'n puik databasis. Die stelsel plaas egter nie 'n demper op elke teler se eie inisiatief nie. 'n Teler staan net 'n gedeelte van sy koeikudde aan die projek af en hy kan met die res van sy stoetery woeker soos hy wil. Die teler geniet egter die voordeel dat hy die nageslag van sy eie teelbeleid kan vergelyk met die nageslag van die bulle in die projek. Daardeur kan die akkuraatheid van al die teelwaardes verhoog word.

Le Grange sê die Braunvieh was sowat 30 jaar gelede dubbeldoel-beeste met die klem op melk- en roomproduksie. Vandag ding die beeste in die vleismark mee. Die bulle wat syns insiens vandag gewild is, is die diere wat goeie vleis dra, aangepas is en 'n goeie haarkleed het. Die Braunvieh speel 'n groot rol in Namibië se vleisbeesbedryf deur kruisteeltstelsels. Op veilings sien 'n mens baie meer diere wat kenmerke van dié ras in hul voorgeslag het, maar op stoetveeveisings is daar min Braunviehs. Hy lei daaruit af dat baie telers bulle uit die hand verkoop, sê Le Grange. Hy probeer egter om al sy bulle op veilings aan te bied om sodoende die ras se naam bekend te stel.

F1-Braunviehverse sien 'n mens feitlik nooit op die mark nie, maar dié diere vorm die grondslag van die speenkalf- en osbedryf in die land. Hulle het goeie melk, is gehard en lewer karkasse wat goed gradeer, veral as hulle met Brahmane gekruis word. Die Braunvieh kruis egter baie goed met feitlik alle rasse. Groot welslae word behaal waar 'n Braunviehbul by Brahmarkoeie gebruik word en daarna 'n Britse of Europese vleisbeesbul by dié diere se nageslag. Die afgelope paar jaar het die ledetal van die Namibiese telersgenootskap van agt tot 14 telers toegeneem. Le Grange skryf die groei toe aan die welslae wat behaal word met aktiewe pogings om die ras te bevorder. Verlede jaar is 'n internasionale skou in Windhoek aangebied waaraan ses telers van Namibië en ses van Suid-Afrika deelgeneem het, en meer as 70 beeste is vertoon. Dit alles help om 'n gunstige beeld van die ras te skep en weg te kom van die persepsie dat die Braunvieh 'n melk-en-botterbees is. Die moderne diere kan hul man staan teen die bestes van enige vleisbeesras. Daarby is dit 'n maklike boerbees met 'n uitstekende temperament en uitstekende ekonomiese belangrike vleisbeeseienskappe.

Die Le Grange's boer met sowat 150 teelkoeie op 4 400 ha en selekteer vir mediumraamkoeie wat goeie vleis dra en 'n ronde bouworm het. Hulle glo as 'n mens net groeiprestasiesyfers vir seleksie gebruik, sit jy uiteindelik met 'n lang, rankerige bees. Die gemiddelde

Ons het 16 jaar gelede met n kommersiële boerderij net oos van die Omatako's begin. Ons het besluit op n kruisteel program om speenkalwers te produseer.

Ons het besluit op n Brahman/Braunvieh kruising as basis vir die kudde en dan het ons later Charolais en Angus bulle op ons F1 koeie gebruik vir terminale kruisings.

Hierdie kudde was deurentyd soos n stoetery bedryf. Daar was volledig rekord gehou van elke dier en ons het van die begin af aan prestasie toetsing deelgeneem.

Ons het ons speenkalwers op die Agra veilings op Okahandja verkoop. Vanaf 1999 het ons agter gekom dat ons elke keer die hoogste per kilogram prys vir ons speenkalwers met elke veiling behaal het.

Toe dit weer in 2000 gebeur, het ons gewonder hoe lank dit sou aanhou. Weer het ons sonder uitsondering elke keer die hoogste prys op die veilings behaal. Dit het so aangehou vir die volle 2001. Ons het toe statistieke nagegaan en aan die einde van 2001 het ons speenkalwers die hoogste prys in die hele Namibië van alle veilings behaal.

Dieselfde het gebeur in 2002. Sonder uitsondering elke keer die hoogste prys op Okahandja en aan die einde van die jaar, weer die hoogste prys in Namibië.

Groete Petot

speengewig van hul kalwers is sowat 250 kg vir die verse en 280 kg vir die bulkalwers. Die gemiddelde volwasse koeigewig is sowat 550 kg. Hulle gebruik twee dektye wat voortgevoel het uit die feit dat koeie uit alle windrigtings aangekoop is. Dié stelsel word behou omdat dit bestuur vergemaklik en bulle doeltreffender gebruik kan word. Dit bring ook mee dat bulle feitlik deur die jaar beskikbaar is vir bemaking. Bulle word hoofsaaklik op veilings bemak as hulle drie jaar oud is.

Sodra die teelwaardes van hul bulle betroubaarder is, sal dit 'n ál groter aanvullende rol in die seleksieproses speel. Een van die Le Grange's se groot voordele is dat hulle diere by meer as ses vooraanstaande telers gekoop het en dus 'n wye genepoel het om mee te werk. Hulle is nou in die posisie om van die ouer koeie ontslae te begin raak en met selfgeteelde verse 'n spesifieke tipe Braunvieh-bees in hul stoetery te vestig. Onderweg na hierdie mikpunt word streng volgens prestasiesyfers en voorkoms geselekteer om te verseker dat hulle uiteindelik geneties meerderwaardige diere van 'n spesifieke voorkoms sal hê.

Die bulle wat hulle verkoop, moet die ras bevorder, sê die Le Grange's. Die bulle wat op veilings aangebied word, loop deurentyd op die veld met 'n afrondingsrantsoen die laaste sowat drie maande voor die veiling. Só kan hulle fiks bulle verkoop wat nie 'n volvoerrantsoen gekry het nie en wat dadelik weer op die koper se plaas kan aanpas. Hulle wil graag hê kopers moet weer na hulle toe terugkom.

Wat is in 'n lek?



Fosfaat is n makro element waarvan hoeveelhede in gram per dag benodig word deur feitlik alle diere. Hierdie mineraal is betrokke by 'n wye verskeidenheid metaboliese, neurologiese en sellulêre funksies. Dit speel veral 'n belangrike rol in die energie-metabolisme, bloed buffer sisteme. Dit is 'n komponent van die genetiese materiaal (RNA en DNA). Dit speel ook 'n rol by die aktivering van verskeie B vitamines en saam met Kalsium verseker dit die ontwikkeling en onderhoud van gesonde bene en tande. 'n Fosfaattekort kan lei tot verlaagde inname, vertraagde groei by koeie sowel as hul ongespeende kalwers, swak herbesetting, anestrus en verlaagde melkproduksie. Dit kan dus lei tot 'n algehele verlaging in die produksie van diere wat 'n fosfaattekort het. Dit kan lei tot groot finansiële verliese vir die boer. Ongelukkig is die meeste weidings-tipes in Namibië laag in fosfaat en is dit gewoonlik noodsaaklik om 'n fosfaat lek te voorsien. Voormeester Futterfos verskaf 18.5g P per dag per dier indien die aanbevole hoeveelheid van 300g/dag/ dier ingeneem word. Voormeester Vee fos verskaf 18g P/dier/dag indien die aanbevole hoeveelheid van 300g/dier/dag ingeneem word.

'n Goeie fosfaatlek verskaf egter nie net fosfaat aan die dier nie maar ook 'n wye verskeidenheid mikro minerale wat ook noodsaaklik is vir optimale produksie. Tradisionele fosfaatlekkies se mikro-mineraal vlakke verskaf slegs 25% van die dier se daaglikse behoeftes, volgens die vereistes van Wet 36/1947. Nuutste navorsing toon egter dat hoër aanvullingsvlakke groter voordele vir diere en ook boere inhou.

Magnesium is noodsaaklik vir optimale spierfunksie, dit is ook 'n belangrike komponent van verskeie ensiemsisteme. 30% van die totale magnesium in die liggaam kom in die sagte weefsel en liggaamsvloei-stowwe voor. Die ander 70% kom in die skelet voor. 'n Magnesium- tekort lei tot hypomagnesemia, wat gekenmerk word deur senuweeagtigheid, oormatige sweet produksie, spiersame-trekkings en hart- en spierweefsel degenerasie. Indien magnesiumvlakke in die dieet verhoog word, verhoog die kalsium absorpsie ook sonder enige nadelige invloed op die absorpsie van fosfate.

Anandie Braunvieh



Dr. Stephanie van der Walt

Cell 081 124 6252

E-mail: svdw@iway.na

Koper is 'n katalis in verskeie ensiem-sisteme, na die werking van die ensiem word koper gebruik vir hemoglobienvorming. Hemoglobien is die suurstofdraer in die bloed. Koper word benodig vir beenvorming, groei, velpigmentasie asook reproduksie.

Sink funksioneer as 'n belangrike komponent van verskeie ensiemsisteme, dit speel 'n belangrike rol in die metabolisme van proteïene, koolhidrate en vette. Die effektiewe werking van die immuunsisteem is ook afhanklik van sink en 'n tekort aan sink gee aanleiding tot infeksies. Die slymvliese (waaronder ook die baarmoeder) word veral beïnvloed. Die vorming en funksionering van verskeie hormone word ook deur sink beïnvloed. Spermproduksie en die ontwikkeling van die primêre en sekondêre geslagsorgane by manlike diere word ook deur 'n tekort aan sink beïnvloed.

Selenium vorm deel van die ensiemkompleks Glutatioonperoksidase wat betrokke is tydens die afbreek van lipo- en waterstofperoksiede wat 'n nadelige uitwerking op selwande van die liggaam kan hê. Vitamien E is ook betrokke by hierdie reaksie en voorkom oksidasie van poli-onversadigde vette.

Kobalt word benodig vir die vorming van Vitamien B12 wat 'n belangrike rol speel in die aktivering van ensieme. Kobalttekorte lei tot bloedarmoede (anemia), gewigsverlies en vertraagde groei. Aangesien die ensiemsisteme wat inwerk op die energie-oordrag reaksies beïnvloed word. Kobalt word nie in die weefsel gestoor nie en dus moet gereelde aanvullings verskaf word.

Mangaan speel 'n aktiewe rol tydens kraakbeenvorming. Dit word ook benodig vir die aktivering van verskeie ensiemreaksies en is betrokke by hormoonwerking. Tekorte aan Mangaan lei tot ongereelde estrus aktiwiteit by vroulike diere. In manlike diere veroorsaak 'n mangaan-tekort 'n afname in libido en steriliteit kan ook volg. Degenerasie van die testis kan ook voor kom.

Jodium funksioneer as 'n essensiële komponent van die Tiroïed hormone, wat die tempo van energie-metabolisme in die liggaam reguleer. 'n Tekort aan jodium lei tot vertraagde metabolisme en traagheid. By vroulike diere kan tekorte lae reproduksie tot gevolg hê as gevolg van ongereelde estrus aktiwiteit, lae bevrugtingspersentasie en plasentas wat nie volledig los kom na geboorte nie. Laer libido en swak semenkwaliteit is tekens van jodium tekort by manlike diere. Groei en volwassenheid van die geslagskliere word ook vertraag.

Yster is 'n essensiële komponent van verskeie proteïene wat betrokke is by suurstofvervoer of -verbruik. Dit vorm ook deel van verskeie ensiemsisteme en aktiveer ook sommige ensiemsisteme. 'n Tekort aan yster lei tot anemia, lusteloosheid, lae innames, gewigsverlies en bleek

slymvliese. 'n Ystertekort is dikwels die gevolg van inwendige parasietbesmetting wat tot kroniese bloedverlies lei.

Die mineraalvlakke van Voermeester Futterfos P14 en Veefos P12 per kg lyk as volg:

Mineraal	Futterfos P14 (mg/kg)	Veefos P12 (mg/kg)
fosfaat	140(g)	120(g)
kalsium	140(g)	240(g)
magnesium	4200	2100
koper	450	225
sink	1600	800
selenium	5.3	2.7
kobalt	5.3	2.7
mangaan	1100	550
jodium	27	13
yster	1500	750

Indien die aanbevole hoeveelheid van 300g/dier/dag voorsien word sal die volgende mineraal vlakke deur Voermeester produkte, Futterfos P14 en Veefos P12, verskaf word.

Mineraal	Futterfos P14 (mg)	% van daaglikse behoefte	Veefos P12	% van daaglikse behoefte
magnesium	554	wissel tussen 120 - 450mg/d	315	wissel tussen 120 - 450mg/d
koper	59	73	33.75	42
sink	211	88	120	50
selenium	0.7	88	0.4	50
kobalt	0.7	88	0.4	50
mangaan	145	91	82.5	51.5
jodium	3.6	88	2.03	50
yster	198	50	112.5	28

Delkoms Braunvieh Stoet

Delport Familie

Ons teel vleisbeeste met baie melk!



Stoetbeeste altyd beskikbaar op navraag

Posbus 1

Witvlei

Tel: 081 127 8998

Tel: 081 124 4362

E-pos: airlie@iway.na

DIE RANTE BRAUNVIEH



**BRAUNVIEH
NAMIBIA**



Braunvieh van Die Rante: Gobabis

- aangepas in marginale omgewing
- gehard op natuurlike veld
- vleis en melk
- ideaal vir kruisteling
- strewe na goeie kwaliteit en vrugbare diere
- 'n ras vir u doel





Okatjerute West, Witvlei

Des: 081 124 2397 • Ulrike: 081 128 8208

ulrikehart@iway.na

PO Box 11539, Windhoek



Braunvieh

Paprika



Pieter & Erika de Villiers

✉ 332, Stella, 8650
✉ devillierse@lantic.net
🌐 www.pdwranch.co.za

☎ Pieter: 082 920 7309
☎ Erika: 082 542 8842
📠 053 983 0023



25 Years of inspiration & determination!